


# DAAR IS MEER

*Dr Christo Nel*

Jesus het gesê dat Hy gekom het sodat ons Lewe kan hê en dit in Oorvloed. Dit het implikasies vir ons geestelike groei as volgelinge van Jesus, maar ook vir ons gesondheid na gees, siel en liggaam.

# Inhoudsopgawe

God het meer in gedagte ..... 3

Dag 1 – God het soveel meer as net ons redding ingedagte ..... 3

Dag 2 – Ons reis op pad na maksimum geloofsgroei ..... 5

Dag 3 – Volgeling van Jesus-wees is ’n geloof reis ..... 7

Dag 4 – Om Hom te leer liefkry ..... 9

Dag 5 – Om oor te gee ..... 11

Dag 6 – Die donker nagte van die siel ..... 13

Dag 7 – Om die oorlog in jou te ontdek ..... 15

Dag 8 – Om ’n nuwe skepsel te wees ..... 17

Dag 9 – Dit is ’n lewenslange reis dié ..... 19

Dag 10 – Waarheen hiervandaan? ..... 21

Dag 11 – Daar is ’n pad hieruit verder vorentoe ..... 23

Dag 12 – In gebrokenheid lê ’n stuk heling ..... 25

Dag 13 – ’n Passie om heilig te lewe ..... 27

Dag 14 – In die Here se wasmasjien ..... 29

Dag 15 – Groei midde al die pyn en seer ..... 31

Dag 16 – Leer om oor te gee en te buig ..... 33

Dag 17 - Om ’n radikale Jesus te volg tot by die einde van die wêreld ..... 35

Dag 18 – Om Jesus te volg ..... 37

Dag 19 – Om Jesus te volg vra alles ..... 39

Dag 20 – Op pad na totale transformasie ..... 41

Dag 21 – My plek in God se groter prentjie ..... 43

Dag 22 – Die Evangelie in ander woorde ..... 45

Dag 23 – Die Evangelieboodskap soos ek dit nou verstaan ..... 47

Dag 24 – Soveel volgelinge van Jesus verstaan nie werklik die Evangelie nie ..... 49

Dag 25 – Om die Evangelie te glo beteken om oor te gee ..... 51

Dag 26 – Geestelike roetines om jou te help op jou reis ..... 53

Dag 27 – Die vrug van totale oorgawe in ons lewens ..... 55

Dag 28 – Om God boweal lief te hê ..... 57

Dag 29 – My liefdesdans met Jesus ..... 59

Dag 30 – Ons liefdesdans met die mense om ons ..... 61

Dag 31 – Om te leer om lief te hê ..... 63

Dag 32 – Wat is liefde regtig en hoe is dit om regtig lief te hê? ..... 65

Dag 33 – Om onder die beheer van die Gees lief te hê .......... 67
Dag 34 – Om God en my naaste ook emosioneel te leer liefkry.......... 69
Dag 35 – Die roeping van die vyfvoudige bediening in die verband.......... 71

# God het meer in gedagte

## Dag 1 – God het soveel meer as net ons redding ingedagte

Kom lees saam met my ’n paar Skrifgedeeltes.

Rom. 8:28-32

*“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

*Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.*

*Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.*

*Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?*

*Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?”*

2 Kor. 3:18b

*“… Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”*

Gal. 6:15

*“Of ‘n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy ‘n nuwe mens is.”*

Joh. 10:10b

*“Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.”*

Hoe meer jy oor hierdie paar verse ’n bietjie nadink, hoe meer besef jy: God het baie meer ingedagte in ons lewens as Sy volgelinge as dat ons net tot bekering kom, gered sal word en kan weet dat ons hemel toe sal gaan.

God is besig met ’n baie groter plan as dit.

Dit is hieroor wat ek ’n bietjie met jou wil gesels.

Christen-wees, volgeling van Jesus-wees is ’n reis, jy weet, né? Die Bybel beskryf hierdie reis met verskillende begrippe soos verlossing, nuut word, heiligmaking, ens.

Die afgelope tyd het ek met jou gesels oor die Koninkryk van God, veral in die lig van daardie woord van Jesus daar in Mat. 6:33: *"Soek eers die Koninkryk van God en Sy wil, en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word."*

Natuurlik kan 'n mens ook hierdie reis beskryf in terme van hierdie "soeke na die Koninkryk van God" in ons lewe.

Daar waar jy die eerste keer van God en van Jesus hoor, waar iemand die moeite doen om in verstaanbare terme die evangelieboodskap vir jou te vertel, is eintlik die eerste "advertensie" wat jy oor hierdie reis lees.

Maar in werklik begin hierdie reis in jou lewe eintlik die dag wat jy jou sonde besef, en Jesus Christus as Verlosser aanneem in geloof in die lig van wat Hy daar aan die kruis ook vir jou gedoen het. Dit is die begin van jou reis saam met hierdie Jesus wat voortaan in jou woon deur Sy Gees.

Maar 'n mens kan ook baie wyer en meer omvattend oor hierdie reis dink. Jy kan aan hierdie reis dink as die pad wat God met elke mens op aarde stap, ongeag of hy of sy die Evangelieboodskap al aanvaar het in die geloof of nie.

Ek wil nie in my skrywes hierop soseer fokus nie. Ek wil hê ons moet gesels oor God se reis met ons as volgelinge van Jesus en dan veral nadink oor die reis na ons bekering.

George Barna, 'n bekende Christelike navorser en skrywer, het 'n boek oor hierdie reis geskryf n. a. v. 'n magdom ondersoeke en navorsing wat hy en sy Instituut gedoen het in die lig van die antwoorde van mense op vrae oor waar hulle op hierdie reis is.

Sy navorsing het aangetoon dat die meeste Christene op hulle geestelike reis vashaak en stop op daardie punt in hulle lewe nadat hulle "gered" is of vir die eerste keer tot bekering gekom het. Die rede daarvoor is dat die meeste van hulle verstaan dat die verlossing in Jesus genade, en dus 'n gratis geskenk is, wat God uit genade aan ons gee en wat ons nie kan verdien nie. Maar hulle verstaan nie en is nie bereid om die prys te betaal om die lewe in oorvloed te beleef wat God ook verder aan ons wil gee nie.

Om dit te beleef moet ons bereid wees dat God ons totaal transformeer. Daarom mis die meeste Christene die volle seën en geestelike groei wat God hulle wil laat ervaar.

## Dag 2 – Ons reis op pad na maksimum geloofsgroei

Ons is besig om te gesels oor ons reis as volgelinge van Jesus op pad na maksimum geloofsgroei. God wil my en jou lewe transformeer sodat ons geestelik kan groei totdat ons soos Jesus lyk. In dié proses beleef jy dan die seën wat God vir jou ingedagte het.

Barna onderskei 10 verskillende punte of stoppe waar mense op hierdié reis kan wees. Kom ek noem vir jou die 10 stoppe:

Stop 1: Waar mense totaal onbewus van sonde is

Stop 2: Waar mense wel bewus van sonde is, maar dit ignoreer

Stop 3: Waar sonde vir jou erns geword het en jy die implikasies van sonde in jou eie lewe besef

Stop 4: Waar ʼn mens sy sonde bely en Jesus Christus in geloof vra om hulle Verlosser te wees

Stop 5: Waar hierdie nuwe volgelinge van Jesus hulleself commit tot allerlei geloof aksies en geloof aktiwiteite

Stop 6: Waar volgelinge van Jesus ʼn periode van geestelike droogte of frustrasie beleef

Stop 7: Waar volgelinge van Jesus hulle eie totale gebrokenheid opnuut besef

Stop 8: Waar volgelinge van Jesus kies om radikaal oor te gee en Jesus as Koning volg met hulle hele lewe

Stop 9: Waar volgelinge van Jesus ʼn onbeskryflike intimiteit en daaglikse liefdesverhouding met Jesus beleef

Stop 10: Waar volgelinge van Jesus ʼn onbeskryflike passie en liefde vir die wêreld en die mensdom om hulle beleef.

In die lig hiervan wil ek met jou oor ʼn gedeelte van die reis praat waaroor min mense werklik bereid is om te praat.

Ek gaan aanneem dat jy reeds by Stoppe 1 tot 4 verby is, en héél waarskynlik tans by Stop 5 in jou lewe is of dalk reeds daar verby is.

Soos ek gesê het, wil ek met jou oor dié stukkie reis verder gesels.

Kan ek jou vra om ʼn paar Skrifgedeeltes in die verband op jou eie te lees?

Ps. 51; Rom. 7:21-25 (ook natuurlik Rom. 8 e.v.); Rom. 8:29-31; 2 Kor. 3:18; Gal. 5:13 –26; Fil. 1:27-2:13; Fil. 3:1-16; Kol. 3:1-11.

Mag ek jou ʼn paar vrae in die lig hiervan vra?

Is jy ook soms gefrustreerd met jou Christen-wees? Voel jy soms omring deur ʼn leë, kunsmatige soort Christendom? Dink jy party dae: Daar moet meer aan Christen-wees wees as net dit?

Dink ’n bietjie terug aan die begin, hoe dit was toe jy Jesus aangeneem het as Verlosser: die geluk, opgewondenheid, jy kon nie ophou praat daaroor nie, hoe lekker dit was in die eredienste ... Jy was aktief, betrokke in die gemeente en uitreikaksies. En jy het gevoel jy groei geestelik.

Miskien is dit waar jy tans op jou geloof reis is en dit is wonderlik.

Maar ander van julle is miskien die afgelope tyd op ’n ander plek in julle reis: Alles voel so voorspelbaar, vaal, oppervlakkig. Party dae wonder jy: Waar is Jesus? Waar is God dan? Miskien kyk jy na die gemeente en dink jy baie na oor wat en wie ons regtig bereik, en dit wat ons doen lyk vir jou so vrugteloos. Oral is daar soveel dinge verkeerd.

Almal van ons gaan soms deur sulke woestyn tye, maar dit wat ek hier beskryf is iets meer as net nog ’n tydjie in die woestyn. Dit is iets dieper. Dit is amper soos ’n stuk teleurgesteld-wees in jouself, in die kerk, ja, selfs in God en in Christen-wees in die algemeen!

Ken jy dit? Wonder jy oor wat presies met jou aan die gang is? Miskien voel jy héél waarskynlik half skuldig om dit selfs te erken teenoor ander mense.

Dan het ek vandag vir jou goeie nuus. Vandag wil ek vir jou sê: Welkom op hierdie baie belangrike deel van jou geestelike reis as volgeling van Jesus! Ek wil vir jou verder sê: Dit wat jy ervaar is nie die werk van die duiwel nie! Dit is eerder die resultaat van God se Gees se liefdeswerk in jou.

Weet jy wat het hier presies gebeur daar binne in jou? Jy het moeg geraak vir al die Christelike dinge en programme waarmee ons soms kan besig raak as volgelinge van Jesus terwyl ons besig is om God te dien. Jy het skielik ontdek dat terwyl jy gedink het jy is besig om God te dien en Jesus te volg, het jy in werklikheid met Christelikheid en met godsdiens besig geraak!

En skielik was dit nie meer genoeg nie. Jou gees en God se Gees hier binne in jou, het jou begin herinner daaraan dat daar meer as dit is.

## Dag 3 – Volgeling van Jesus-wees is 'n geloof reis

Tot nou toe het jy dalk gedink dat om Christus te volg en om Christen te wees is … om Jesus aan te neem as Verlosser en … om betrokke te wees in die gemeente. Jy het gedink dit beteken vêrder … om die Bybel elke dag te lees en te bid. En … om betrokke te wees by ander Christene. En om te getuig.

Al hierdie dinge is goed en reg en deel van Christen-wees, maar dit eindig nie hier nie. Dit is nie al waaroor dit gaan en waarvoor God jou geroep het na Hom toe nie. Daar is beslis baie meer.

Wat jy op die punt staan om te ontdek is dat ons besig is met 'n geloof reis. Deel van hierdie reis is al hierdie dinge wat ek pas genoem het, maar ook baie meer. Die reis eindig nie hier nie.

Toe Jesus daar in Joh. 10:10b gesê het: *"Ek het gekom sodat julle lewe kan hê en dit in oorvloed"*, het Hy bedoel dat om Hom te volg baie meer inhou as net hierdie dinge.

Ek het begin nadink hieroor en hoe ons mekaar kan help om verder te groei as volgelinge van Jesus. Hoe kan ons mekaar help om te ontdek dat dit meer inhou as net om tot bekering te kom en om geloofsekerheid te hê? Hoe kan ons mekaar help om werklik te verander?

Hoe meer ek nadink oor verse soos Heb. 12:14,15 en soveel ander verse, hoe meer het ek begin verstaan: God wil ons totaal transformeer.

Luister net na hierdie twee verse – en ek gaan dit uit die Ou Afrikaanse vertaling vir jou aanhaal:

*"Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."*

"Heiligmaking" beteken niks anders as totale lewens transformasie nie! Dit is selfs baie meer en baie dieper as bloot om te verander. Om bloot te verander kan net oppervlakkig wees. Heiligmaking, of modern oorgesê, lewens transformasie is om te leer om anders te begin dink, wat stelselmatig dit wat jy voel en ervaar verander, wat uiteindelik jou keuses, optrede en dus jou hele lewe totaal omdraai en verander.

Waar volgelinge van Jesus die beheer in hulle lewe aan die Gees van God begin oorgee en Jesus Christus as die Koning in hulle lewe in elke duimbreedte leer gehoorsaam, verander hulle, transformeer hulle hele lewe. Waar volgelinge van Jesus werklik Hom boweal liefhet met hulle hele wese en hulle hul naaste leer liefkry soos hulleself, sien ons meer en meer van die karaktertrekke van Jesus in daardie mense se lewens. Waar volgelinge van Jesus Homself en Sy lewe in hulle ontdek deur die werking van Sy Gees, en leer om dit te vertrou en daarop te steun en te rus, transformeer dit daardie mense.

Natuurlik is hierdie transformasieproses 'n lewenslange reis!

Laat ek dadelik sê: dit gaan nie hier oor 'n resep of formule wat ons vir mekaar kan gee, en dink hiermee het ons nou ons verantwoordelikheid teenoor mekaar afgehandel nie.

Nee, dit is eerder ’n pad wat ons saam met mekaar moet stap. Of eerder, dit is ’n pad wat ons God moet toelaat om met ons te stap. Totdat ons die vrug van Bybelse transformasie in mekaar se lewens al hoe meer gaan sien.

Vir ’n lang tyd dink ons op hierdie geloof reis van ons, alles gaan oor ons. Oor ons behoeftes; oor ons begeertes; oor ons vrae wat beantwoord moet word; oor ons wat nuwe vriende moet maak; of ’n man of ’n vrou of ’n werk moet kry; oor ons wat meer moet leer oor God en oor die Bybel; oor ons wat op die regte plek of met die regte dinge besig moet wees.

Nie een van hierdie dinge is sleg nie. En alles pas êrens in op die reis. Maar die reis eindig nie as ons al hierdie dinge gekry het nie. Daar is nog baie meer. Ons moet verder groei as net dit.

Miskien voel jy ’n bietjie geskok oor wat ek sê. Maar moenie skrik nie. Al wat ek vir jou wil sê is dat Jesus nie net gesterf het sodat jy hemel toe kan gaan nie. Hy het ook gesterf sodat jy kan leer om Hom werklik lief te kry; sodat jy en Hy in ’n intieme liefdesverhouding kan wees elke dag. En laat ek met jou eerlik wees: dit is baie meer, baie dieper, as wat ek en jy gewoonlik dink.

Maar laat ek nog eerliker met jou wees! Vir dit om te gebeur moet Jesus ons verander. Eintlik moet ek eerder sê: Om dit te laat gebeur GAAN Jesus wil ons hele lewe transformeer!

Hy wil ons transformeer van die godsdienstige, selfsugtige mense wat ons eie kop volg terwyl ons ons eie geluk, gemak en sukses soek, na mense wat geleer het om God werklik met alles wat hulle het lief te hê en te gehoorsaam as Koning. Hy wil ons leer om op Hom en Sy Koninkryk se belange gefokus te wees, terwyl Sy Gees ons lei as gebroke burgers van Sy Koninkryk.

Miskien wil jy my in die rede val en sê: Maar dit is juis waarom ek al die ander dinge doen ... Om daar uit te kom. Dan is my vraag aan jou: Maar wat was jou motivering tot nou toe? Waarom het jy dit alles gedoen? Het jy dit gedoen vir Hom, omdat jy Hom werklik liefhet, of omdat dit die soort dinge is wat ’n goeie Christen doen?

Die meeste Christene verstaan die evangelie oor die verlossing wat Jesus vir ons kom bewerk het baie oppervlakkig. Hulle dink God het dit gedoen omdat Hy ons liefhet en om ons te kan en mag vergewe en ons Sy kinders te kan maak. En dit is alles waar. Maar daar is soveel meer aan hierdie evangelieboodskap.

## Dag 4 – Om Hom te leer liefkry

Ons is besig om met mekaar te gesels oor God wat besig is om ons te verander. Of soos ons eerder geleer sê het: om ons totaal te transformeer.

’n Mens kan dit ook anders sê. Jy kan sê: God wil ons leer om Hom boweal lief te hê.

Jesus, die heilige en almagtige God, Seun van God, het mens geword om vir my en jou die aller verskriklike dood te sterf totaal onskuldig, om vir ons te laat verstaan hoe ernstig God daaroor is om dit vir ons moontlik te maak om in ’n intieme liefdesverhouding met Hom te kan wees.

Hy het bonatuurlike dinge moontlik gemaak om dit vir jou te kom wys. Ja, Hy het selfs Sy Seun, self God, ’n gewone mens laat word, laat sterf en na 3 dae uit die dood opgewek, sodat jy kan weet dit is waar en is werklik moontlik.

Sy hart is dat ons Hom werklik sal leer ken, meer en meer persoonlik, sodat ons in die proses Hom werklik sal leer liefkry hoe meer ons Hom leer ken.

Ja, dat ons, hoe meer ons Hom leer werklik leer liefkry, ons anders sal wil wees en anders sal word. Want in die proses van Hom liefkry, gaan ons ontdek wie ons werklik is en sal ons begin begeer dat Hy ons tog asseblief al hoe meer sal transformeer. Om, soos die Woord daar in Rom. 8:29 tot 31 en in 2 Kor. 3:18 sê: Sodat ons meer en meer sal lyk en sal lewe soos Jesus.

Sien, ons was so bly toe ons ontdek het dat evangelie ons leer dat God Sy genade en verlossing verniet aan ons gee, sonder dat ons daarvoor hoef te betaal of iets hoef te doen!  Maar ons het nie almal mooi verstaan dat toe ons hierdie goeie nuus aanvaar het in geloof, het ons sondige lewe ook daar eintlik geëindig nie!

Natuurlik is dit waar: ons kan nie God se genade, liefde en verlossing verdien nie. Dit is verniet vir diegene wat Jesus, en dit wat Hy gedoen het, aanvaar het in geloof.

Maar die Evangelie sê baie meer as dit. Toe ons tot bekering gekom het die eerste keer, en ons sonde bely het, moes ons nie net ons sondes daar bely het nie. Ons moes dit daar totaal, vir altyd, laat staan het!

Daar moes ons gekies het dat Hy ons sal verander van A tot Z. Ja, dat Hy ons manier van dink en praat, ons manier van lewe, die bedoeling waarom ons lewe, ons waardes, ons optredes, ons standaarde, ons doelwitte, ja, alles, alles, alles sal verander!

Sien, God het ons verlos in die sin dat Hy alle bande wat ons tot op daardie stadium gebind het, losgemaak het ... Sodat ons Hom sal toelaat om ons totaal te verlos in elke area van ons lewe van ons ou manier van lewe as sondaars, na ’n nuwe manier van lewe as ’n nuwe skepping, as nuwe burger van God se Koninkryk. Ja, dat ons voortaan mense sal wees wat weet en verstaan dat Jesus voortaan die Koning is van elke deel van ons lewe.

Dit is waarom ek vir jou al ’n paar keer gesê het: jou bekering daar in die begin was bedoel as net die begin van jou verlossings proses. Dit was net die begin van jou transformasie-proses. Dit was net die begin van jou reis na heel-wording!

Daarom moes jy gedoop word op daardie dag wat jy jou bekeer het. Sodat die ou jy begrawe kon word, wat nou in Christus dood verklaar is. Om so totaal uit die pad te kom. Sodat die nuwe jy, skoongewas, nuutgemaak, met Christus se lewe en Sy Gees in jou, die nuwe lewe kan lewe wat God bedoel het.

Waarom is ons hier op aarde? Waarom is God met ons as Sy volgelinge dag vir dag besig?

Die antwoord op al hierdie vrae is hierdie reis op pad na héél wording. Dit is waarvoor hierdie reis na totale lewens transformasie bedoel is.

Dit is waarom ek vir jou gesê het: hierdie transformasie proses is baie meer, baie dieper as bloot om te verander. Verandering dui gewoonlik op dit wat jy kan sien. Transformasie gaan oor alles, maar veral oor dit wat daar gebeur onder die oppervlakte waar ons nie kan sien nie.

Kom ons neem die mees basiese van basiese opdragte in die Bybel. Daar in Mark. 12:28-31 vra ŉ skrifgeleerde Jesus: *"Wat is die heel grootste gebod?"*

Jesus antwoord hom: *"Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.'*

*Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."*

Het jy al mooi gaan sit en dink wat beteken dit om God werklik lief te hê met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en al jou krag?

Dink ŉ bietjie na oor wanneer jy iemand werklik liefhet. Wat sal jy nie alles vir daardie mens doen nie? Jy sal werklik tot alle uiterstes toe gaan om daardie mens te dien, te eer en vir hulle net die beste te wil gee en te wil doen. Jy sal mettertyd graag alles oor hulle wil weet: wat vir hulle lekker is; wat hulle reëls en verwagtings is; wat hulle waardes is. En dan sal jy probeer om daarvolgens op te tree as jy met hulle besig is.

Maar doen ons dit vir God? Hoekom nie? Omdat ons nie mooi verstaan wat Jesus hier in Mark. 12 sê nie.

Wanneer Jesus hier praat van "hart", dan verwys Hy daarmee na jou gevoelens en emosies. Jou "verstand" of "kop" (soos dit staan in die Grieks) verwys na jou gedagtes. Jou "siel" verwys hier in hierdie konteks na jou wil, waar jy jou keuses maak. En jou "kragte" verwys dan na jou dade of optredes.

Om werklik te toets of jy Hom liefhet, kyk God dus nie net daarna of jy net sê jy is lief vir Hom nie. Hy kyk of dit deurslaan in elke duimbreedte van jou lewe. Hy kyk of jy Hom toelaat om elke duimbreedte van jou lewe te verander sodat dit Hom gelukkig sal maak en jou lewe in lyn sal wees met Sy perfekte wil vir jou lewe.

Omdat jy Hom werklik liefhet, vertrou jy Hom genoeg om te weet en te glo dat wat Hy ook àl in en met jou lewe doen, Hy dit nie net doen om Hom gelukkig te maak nie maar ook omdat dit in jou lewe die meeste genot en vreugde en vervulling sal meebring wat moontlik is.

## Dag 5 – Om oor te gee

Ons is besig om met mekaar te gesels oor wat dit werklik beteken om God boweal lief te hê.

Ek wil nog meer prakties hieroor raak. Die meeste van ons Afrikaanssprekende mense is baie rasioneel. M.a.w. ons lewens word meestal beheer deur wat in ons kop en gedagtes aangaan. Omdat ons so ingestel is, is die meeste van ons wat volgelinge van Jesus is, besig met die Bybel. Ons wil die Bybel leer ken. Ons lees die Bybel. Ons lees boeke oor die Bybel en kyk videos oor wat ander mense sê in die Bybel staan. Daarom kan die meeste van ons uitstekende gesprekke oor die Bybel en oor wat daarin staan voer. Ons kan selfs vir iemand die evangelieboodskap in detail uitspel as ons die moed kan bymekaar skraap. Ons kan ook vir mekaar raad gee en verse aanhaal om mekaar te bemoedig.

Maar weet jy, dit is nie genoeg om God net met jou verstand lief te hê en te dien nie. Hy wil alles hê. Hy wil in elke deeltjie van jou menswees met jou besig raak en hê jy moet kies om ook in daardie areas Hom toe te laat om jou te leer om Hom ook daar werklik lief te hê.

Dit beteken ons moet oorgee ... Alles ... Totaal aan Hom oorgee ... Ons moet leer om ook daar voor Hom te buig om ook daar die Koning te wees en die bevele te gee.

Natuurlik gaan dit jou totaal uit jou gemaksone uit neem. Daar gaan dinge wees wat God jou gaan vra waar jy, soos my een vriendin altyd sê, nodig het om met ŉ nat lappie op die voorkop eers in die bed te gaan lê om rustig te raak en van die skok te herstel.

Dit Bybel beskryf dit natuurlik half-skokkend as “om te sterf aan jouself”! Dit is presies wat dit eintlik is. Daarom is dit iets wat net God in my en jou lewe kan doen. Ons kan dit nie eers self doen nie. Alles in ons kom in opstand hierteen.

Dit is waarom die meeste mense wat tot hier op hulle geestelike reis gekom het, eerder hier omdraai en maar aangaan soos altyd. Hulle gee op. Hulle sien nie hiervoor kans nie. Hulle word maar weer net nog een van dié baie wat maar Sondag na Sondag kerk toe gaan en goeie mense probeer wees. Want dit is nie vir sissies nie. Dit is ŉ harde, uitdagende pad dié.

Die wonder is: Jesus het óók dié pad vir ons reeds geloop. Hy het ook dit vir ons gewys en vir ons vertel van hierdie deel van die pad. Ook dit het Hy vir ons gemoduleer.

Die wonder van wonders is dat dit ingesluit is by die “lewe en dit in oorvloed” wat Hy reeds aan ons geskenk het toe Hy, deur die werking van Sy Gees, Sy lewe aan ons bedien het.

Hy het ook vir ons gewaarsku dat dit oorlog beteken. Nie net oorlog teen die vyand en sy magte nie, maar ook gaan beteken dat ons moet oorlog verklaar teen die ou natuur wat nog in jou en in my woon. Ja, al daardie ou gewoontes, selfsug en vrese hierbinne in ons wat ons so kan beheer en mislei. Ja, al daardie dinge wat kan verhoed dat God jou kan transformeer soos wat Hy wil, as jy Hom sou toelaat.

Maar dan moet jy kies om oor te gee. Dan moet jy jou wil laat abdikeer en kies om te buig voor Sy wil vir jou en vir jou lewe.

Dit is wat Paulus daar in 3 Kor. 13:3-6 bedoel het: *"Julle soek mos 'n bewys dat Christus deur my praat. Hy tree nie swak op teenoor julle nie, maar bewys sy krag onder julle, want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien.*

*Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie. Ek hoop dan julle weet dat ons wel die toets deurstaan het."*

En soos daar in Fil. 2: staan: *" ... werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."*

Werk jou eie verlossing uit met vrees en bewing ...

Gelukkig hoef ek en jy dit nie alleen te doen nie, want ons is nie alleen op hierdie reis nie. Daar is ook ander medereisigers rondom ons in die Liggaam van Jesus wat saam met ons op hierdie reis is. Ons moet net ons ore en oë oophou vir hulle. En as ons hulle ontdek het, moet ons begin tyd spandeer saam met hulle. Moet ons saam met hulle begin kuier en saam gesels.

Meer as dit nog. Moet ons God toelaat as ons Vennoot en die Een by ons en in ons. En ons moet leer om tyd te maak om na Sy stem te luister.

Dan gaan alles begin verander. Dan gaan ons met ander oë na ons lewe en na alles wat elke dag in ons lewe gebeur kyk, want dan gaan ons werklik verse soos Rom. 8:28 tot 30 begin glo in ons lewe. Daardie verse wat sê: *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

*Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik."*

Ons gaan dan selfs Sy Woord anders lees. Ons gaan Sy wil daarin ontdek vir dit wat volgende is in ons lewe; as ons nie meer self in beheer is nie.

Dit gaan alles deel wees van hierdie intieme liefdesverhouding met Jesus Christus, jou Koning en Here. Dit gaan dit vir jou dringend maak om te verander.

Dan gaan alles belangrik word. Dan gaan jy vir jouself 'n boekie kry om neer te skryf wat jy hoor Hy vir jou sê deur Sy Woord, deur Sy Gees in jou, deur ander mense, deur gebeure wat gebeur en dinge wat jy doen.

Dan raak lewe elke dag die belangrikste ding wat jy het om te doen.

## Dag 6 – Die donker nagte van die siel

Ons is besig om te gesels oor wat dit beteken om God boweal lief te hê.

Om werklik verlos te wees soos God dit bedoel, beteken nie net om seker te wees dat jy hemel toe gaan nie of om te kry wat jy wil hê nie. Dan word "verlossing" om meer en meer die mens te word wat God bedoel het jy moet wees. Om ʼn mens te word wat totaal van Hom afhanklik is, wat Hom bo alles liefhet.

Dan ontdek ons dat ware gehoorsaamheid aan God se plan en wil vir my lewe werklik die enigste manier is om ware vreugde en vrede te beleef.

Het jy al gehoor van ʼn priester wat in die 15de eeu geleef het met die naam, Johannes van die Kruis?

Wel, hy het oor hierdie hele proses of reis geskryf waaroor ons tot nou toe gesels het. Die titel van sy boek hieroor was—en dit is nogal baie sprekende—Die Donker Nagte van die Siel.

Hierin vertel hy van sy frustrasie met sy geestelike lewe. Sy gebede, het hy gevoel, slaan teen die dak vas en wanneer hy saam met ander gelowiges tyd spandeer het, het dit gevoel hy mors tyd. Selfs om Bybel te lees, te bid en met God tyd te spandeer, het vir hom geen vreugde gebring nie.

Maar aan die ander kant het Johannes ook vertel watter merkwaardige lesse hy juis gedurende hierdie tyd geleer het. Lesse soos oor ons magteloosheid. Hy beskryf hoe ons dink ons het alles oorgegee, maar die waarheid is dat ons steeds maar net op ons eie vermoëns en krag staat maak.

Verder skryf hy dat ons nie so oulik en vroom is as wat ons dink nie.

Dit is juis waarom Johannes die Here leer dank het vir daardie moeilike tye in sy lewe, want dit het hom bewus gemaak hoe totaal afhanklik hy eintlik van God is vir alles. Hy het ontdek hoe diep gewortel sondige gewoontes, sy eie selfsugtigheid en sondige dinge in sy lewe eintlik was, en hoe hy moes leer om dit voor God te bely en moes leer om God te vertrou om hom daarvan werklik vry te maak.

Die rede waarom hierdie tye vir hom donker was, was omdat hy in hierdie tyd ontdek het hoe vlak sy geloof eintlik was. Hy vertel verder hoe die Here hom juis deur hierdie donker tye gebrei het om meer en dieper Hom te vertrou en Sy Woord te glo vir alles in jou lewe. Ja, selfs vir jou liefde vir Hom.

Dit is in hierdie tye wat die Here jou leer om Hom toe te laat om jou te lei. Dit is dan wat jy ontdek dat die lewe eintlik ʼn dans saam met God is. Waar Hy die Man is en jy die vrou. En jy Hom moet toelaat om te lei waarheen en wat volgende. Ja, en as jy Hom toelaat om jou te lei in die dans van die lewe, leer Hy jou om oor te gee ... Ja, om jou ambisies oor te gee en eerder Sy ambisies en plan vir jou lewe te aanvaar as die beste vir jou. Om, soos die Hebreër skrywer daar in Heb. 13:18 van praat, nl. "om te doen wat reg is", en God te bly vertrou, omdat ons weet Hy sal ons nooit verlaat of in die steek laat nie.

Sien ,om reg te doen, vra werklik ware geloof vir daar waar die rubber die teer slaan. Om daar te leef volgens God se agenda en nie jou eie nie, is waaroor dit gaan. En dit is ʼn leerproses.

Ons geneigdheid al die jare was maar om ons eie potjie te krap. Om dit wat ek gedoen wil hê, self te doen of self te probeer doen, is so deel van ons.  Maar wat ons nie besef nie, is dat ons onsself en ons eie krag in die proses oorskat, en eintlik onsself blootstel aan die vyand se kontrole en beheer. Dit is wanneer die vyand kans kry om ons toutjies te trek en ons te mislei.

Dit is waarvan Jakobus skryf daar in Jakobus 4 vanaf vers 1 as hy skryf:  *"Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?*

*Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie.*

*As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.*

*Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.*

*Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?*

*Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: 'God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.'*

*Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.*

*Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars.*

*Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydskap in droefheid.*

*Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog."* (vers 1-10)

Ons moet kies om die regte Here te volg en om Sy regte strategie te volg om uiteindelik die regte resultate te kry.

Ons kry so baie keer die verkeerde resultate, want ons het die verkeerde persoon se stem gehoorsaam, terwyl ons die meeste van die tyd gedink het ons volg God se stem.

## Dag 7 – Om die oorlog in jou te ontdek

Daar in die arms van Jesus, terwyl jy Hom toelaat om jou te lei in die dans van die lewe, ontdek jy dat daar eintlik elke dag ’n oorlog in jou aan die gang is. Daar ontdek jy die tier onder in die kelder wat almal net wil hap, byt en verslind as hy die kans kry.

Dit is waarvan Paulus daar in Rom. 7 gepraat het as hy van vers 21 tot 25 die volgende bely het: *“So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, maar ek vind in my doen en late ‘n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my ‘n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.*

*Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*

*Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.”*

Dit is waarom Paulus gedurig bely dat een van die paradokse van volgeling van Jesus-wees juis is dat wanneer ons “swak is”, is ons sterk.

Aan die een kant is hierdie tot-in-jou-kern-verrot-wees, seker die slegste dinge vir jou as volgeling van Jesus om te ontdek. Maar aan die ander kant is dit die sleutel tot ’n pad na ware oorwinning. Dit bied jou die geleentheid om God toe te laat om jou lewe te transformeer en dit is seker die merkwaardigste, opwindende reis denkbaar!

Natuurlik dink jy nie elke dag so nie. Veral nie as jy ontdek dat die sleutel om te vorder op hierdie reis, beteken dat jy geskud of gebreek moet word sodat jy as’t ware doodgaan nie. Dit is wáárom dit so noodsaaklik is om met God se oë werklik onsself te sien soos ons werklik lyk.

Sommige van ons het amper ’n aardbewing nodig! Het nodig om geskud te word tot jou tande skud.

Ek weet nie wat in jou lewe dalk nodig gaan wees om jou op daardie punt in die reis te kry nie. In sommige mense se lewens is dit ’n bankrotskap, of ’n egskeiding, of om te hoor jy het kanker. In my eie lewe was dit om 3 jaar dood te gaan aan ’n siekte waarvoor daar geen oplossing in die wêreld is nie.

Terwyl ek in die situasie was, was dit die slegste van slegte dinge wat met my kon gebeur. Ek het geskop en baklei. Vandag kan ek terugkyk en sê dit was die beste ding ooit wat met my kon gebeur. God het my aandag ten volle gehad.

Ek is oortuig dat die siekte self van die vyand af was, maar daardeur het God my volle aandag gehad. En ons kon besig raak met die dinge wat nodig was in my lewe om my te laat vorder op die reis en om my geloof verder te verdiep.

Ek was gereed, miskien vir die eerste keer in my lewe, dat God my kon verander soos wat Hy wou. Terwyl ek vir die eerste keer in my lewe te moeg was om meer as twintig tree te loop, kon ek ’n paar dinge in my lewe in die oë kyk en ondersoek. Daar het ek ontdek dat ek vir die eerste keer in my lewe nie meer antwoorde en oplossings gehad het nie. En dat ek God nodig gehad het om hierdie

situasie te verander. Daar het ek ontdek dat, terwyl ek baie dinge vir God gedoen het, en in diens van God voltyds was, soveel van hierdie dinge eintlik net om my en my behoeftes gedraai het.

Ek was ʼn gelowige volgeling van Jesus al sedert 1969, maar tog het ek nie werklik God diepgaande geken nie. Ek het gesê  ek het Hom lief, maar van ʼn intieme, minuut-tot minuut liefdesverhouding met Hom te hê, Sy stem tussen al die ander stemme duidelik te hoor, het ek maar bitter min van verstaan en ervaar.

Om te bid was vir my van die sinloosste oefeninge ooit, want my gebede was maar net om in ʼn paar minute alles wat ek nodig gehad het, en wat ander mense nodig gehad het, vir God te sê (en Hy het dit boonop al geweet voordat ek dit vir Hom gesê het).

Dan was ek verder boonop hierdie perfeksionistiese "control freak" wat alles en almal rondom my probeer beheer het. Ek het probeer om alles perfek te beheer, maar ek kon nie eers myself elke dag beheer nie.

In daardie tyd het ʼn proses begin. Het God my deur Sy Gees aan die hand geneem en my begin leer. Ek het geleer om Sy stem te onderskei tussen al die ander stemme. Ek moes op ʼn dag voor Hom gaan staan en bely dat ek vir baie jare gedink het ek dien Hom en is net in Sy diens, net om te ontdek dat ek eintlik in diens was van ʼn bepaalde kerkstruktuur  en meer lojaal aan hulle en wat hulle glo was, as aan Hom en Sy Woord.

Mettertyd het ek ontdek hoe diep die wortels van sekere sondes in my lewe was. Hoe verrot ek in sekere areas van my lewe was en hoe nodig ek dit gehad het dat Hy my totaal moet transformeer. Ek was tot die dood toe moeg vir myself en vir sekere dinge wat ek in myself ontdek het.

## Dag 8 – Om 'n nuwe skepsel te wees

Ek is besig om jou te vertel van 'n seisoen in my lewe op hierdie geloof reis van ons as volgelinge van Jesus.

Dit was gedurende daardie deel van die reis wat ek ontdek het hoe gefrustreerd en teleurgestel ek in alles en almal rondom my was, ja, selfs in die kerkstruktuur waarin ek my op daardie stadium bevind het, en veral in myself as volgeling van Jesus. Maar daar was ook 'n positiewe kant in hierdie ontdekking.

Ek het iets daarvan verstaan as die Woord daar in 2 Kor. 5:17 sê ons is "nuwe skepsels", en as Jesus daar in Joh. 3 hierdie proses wat in ons gebeur as ons Jesus leer ken, "wedergeboorte" noem. Ons bekering daar in die begin, toe ons Jesus aangeneem het, was maar net die begin van die proses. God se plan was om ons heeltemal nuut te maak. Sodat ons uiteindelik sal lyk soos Jesus.

En ek het iets verstaan van "verlos wees" en "verlos word". 'n Bepaalde proses het daar met my eerste bekering begin, en vandaar af gaan dit aanhou tot en met my dood. Eers met my dood vind die laaste deel van hierdie verlossings proses plaas; as ek verlos word van hierdie aardse liggaam wat dood in sy are het (soos 1 Kor. 15 ons vertel).

Ek het iets meer verstaan van dit wat daar in Ef. 6 en in Gal 5 staan, nl. dat daar 'n oorlog in my en rondom my aan die gang is; wat alles deel was van die groter oorlog tussen God en Satan en sy magte. Satan doen alles, gebruik alles, ja, veral my ou natuur hier binne in my, om my gebind te hou. Hy probeer om alles en nog wat te gebruik om my te belieg en te bedrieg, om my uit te lok en te verlei, om my weg te hou van die belangrike dinge, of ten minste die belangrike dinge tweede of derde of tiende in my lewe te laat wees. Hy gebruik al hierdie dinge wat ons so besig hou - wat ons as so noodsaaklik beskou - om ons aandag te verdeel en blind te hou vir die dinge wat werklik belangrik is, nl. vir die Koninkryk van God en die dinge van die Koninkryk.

Daarvoor gebruik hy selfs tegnologie, die media, afsprake, vergaderings, geleenthede en dit wat ons as beperkings rondom ons sien en beleef.

Maar God het 'n manier om al hierdie dinge op 'n dag stil te kry in jou lewe. Sodat Hy jou kop kan skoonmaak en jou kan help om dinge weer 'n slag in perspektief te sien.

Dit is dan wat jy besef jy het nie regtig verstaan nie. Jy het inderwaarheid heeltyd die punt gemis. En dit veroorsaak dat jy moes kies.

Vandag kan ek terugkyk en vir jou in alle eerlikheid sê dat dit 'n nuwe begin in my lewe was. Dit was 'n koersverandering, 'n draaipunt, wat alles in my lewe verander het. Prakties het dit beteken dat ek gekies het om God bo alles in my lewe te dien, lief te hê en te gehoorsaam. Ek het letterlik my hele lewe weer vir Hom oorgegee om te gebruik soos en waar Hy wil.

Ek weet ek het dit gedoen daar in die begin , met my bekering in 1969. Maar hierdie keer was anders. Dit was meer as destyds. Hier het hierdie Jesus wat ek leer ken het as Verlosser, ook my Here geword, en die Doper met die Gees in my lewe. Hy so werklik voortaan Nr. 1 in my lewe wees.

Hierdie keuse in elkeen van ons se lewe het verskillende gevolge.

In party van ons se lewens beteken dit dat jy moet nee sê vir sekere soort TV-programme of vir sekere aktiwiteite in jou lewe. Want dit het nie werklik waarde tot jou lewe toegevoeg nie.

Dit beteken meestal dat jy meer tyd moet eenkant sit om stil te word aan God se voete, om Sy Woord te lees, met Hom te praat en toe te laat dat Hy met jou praat.

Soms beteken dit dat jy ’n paar ander vriende moet maak. Mense wat soos jy, op hierdie punt op hierdie nuwe geestelike reis is. Wat soos jy, opsoek is na daardie meer, daardie oorvloedige lewe waarvan Jesus gepraat het.

Meestal beteken dit ook dat jou werk nie meer langer alles in jou lewe kan wees nie. Jy kan nie meer soos ’n slaaf werk wat mense net kan laai en laai nie.

Ja, jy weet jou werk is belangrik en dit wat jy daar doen moet jy steeds excellent doen, want jy doen dit vir God en as deel van jou in-diens-wees van God. Maar dit is nou net ’n deeltjie van jou in-diens-wees van God.

Dit kan selfs beteken dat jy ’n ander geloof familie en gemeente moet soek; mense vir wie hierdie selfde nuut-ontdekte waardes in jou lewe ook belangrik is. Maar ook omdat jy nou mense om jou nodig het teenoor wie jy verantwoording kan doen, wat werklik in hulle eie lewe betroubaar en geestelik volwasse is.

Miskien is die belangrikste dinge wat gaan verander in hierdie tyd, jou verhouding en houding teenoor God wees. Jy gaan vir die eerste keer in jou lewe werklik ontdek hoe klein en broos-mens jy maar voor Hom is, maar ook wie Hy is. Hoe goed, liefdevol en getrou Hy werklik is.

Daarom gaan jou hele houding en gesindheid teenoor Sy Woord verander. Die Bybel gaan nie net meer hierdie studiegids wees nie, maar eerder hierdie liefdesbrief; ses-en-sestig liefdesbriewe om die volle waarheid te sê. Waardeur God vir jou Homself, Sy hart vir jou en vir die wêreld, uitspel en waarin jy jouself nuut gaan ontdek.

In die proses gaan jy ontdek hoe God jou verander, transformeer. En wat ook àl verander, gaan wees omdat God dit verander.

Natuurlik gaan dit afhang van die feit in watter mate jy oop is daarvoor dat Hy jou verander en transformeer. Ja, of jy Hom genoeg vertrou. En of jy in die proses leer om Hom genoeg te vertrou om vir Hom ruimte te maak om in elke deeltjie van jou lewe jou te transformeer en te doen wat werklik vir jou die beste is.

Dit gaan ’n daaglikse keuse wees waar jy ge-commitment is om Hom toe te laat om dit te doen.

Kan ek jou ’n paar vrae in die verband vra?

Het iets hiervan al in jou lewe begin gebeur? Wat gaan dit in jou lewe vir jou kos om te kies om oop te maak vir God en vir dit wat Hy in jou lewe wil kom doen? Is jy nie al moeg daarvoor om oor en oor met dieselfde gemors te worstel in jou lewe nie? Oor wie gaan dit werklik in jou lewe? Oor jouself en dit wat jy wil hê, of gaan dit oor God en dit wat Hy wil hê?

## Dag 9 – Dit is ’n lewenslange reis dié

Ek is besig om met jou te gesels oor die geloof reis waarmee elkeen van ons as volgelinge van Jesus besig is tot die einde van ons lewe.

Miskien moet ek myself ’n bietjie in die rede val en vir jou so ’n bietjie opsom wat ons tót dusvêr vir mekaar gesê het.

Kom ek doen dit so. Uit ’n stuk navorsing wat George Barna en die Barna-Instituut gedoen het oor waar volwassenes in die Amerikaanse gemeenskap was op hulle Reis na Transformasie in die lig van hierdie 10 stoppe wat ons geïdentifiseer het, het hulle die volgende ontdek:

Stop 1 – Nie bewus van sonde nie ….. 1% van die getal volwassenes

Stop 2 – Totaal onverskillig oor sonde en die werklikheid van sonde ….. 16%

Stop 3 – Bekommerd oor sonde en die werklikheid aan sonde ….. 39%

Stop 4 – Beleef vergifnis van sonde ….. 9%

Stop 5 – Oortuig van vergifnis en lewe aktief as nuwe bekeerde volgelinge van Jesus ….. 24%

Stop 6 – Beleef ’n heilige ontevredenheid met hulle eie geloofslewe en kerk-wees …. 6%

Stop 7 – Gebroke voor God ….. 3%

Stop 8 – Nuwe oorgawe en lewe van onderworpenheid aan Jesus Christus, die Koning ….. 1%

Stop 9 – Beleef ’n alles oorweldigende liefde vir God …. 0,5%

Stop 10 – Beleef ’n alles oorweldigende liefde vir mense ….. 0,5%

In die lig hiervan het ons vir mekaar gesê: God se doelwit of oogmerk met ons is nie bloot ons aanvanklike bekering en aanneem van Jesus Christus as Verlosser en Here nie. God se oogmerk is en was nog nooit net dat ons kan weet dat ons gered is en op pad hemel toe is nie. In God se hart was daar van die begin af meer as dit. Gaan lees maar weer verse soos 2 Kor. 3:18 en Rom. 8:29 tot 31.

Jesus self het vir ons gesê dat Hy gekom het sodat ons die lewe kan hê en dit in oorvloed. Daarom is die vraag waarmee ons moet erns maak in die lig hiervan in die Ekklesia of gemeentes van Jesus, die vraag: Hoe help ons dan mense vêrder as bloot Stop 4 en 5?

Hoe lei en bedien ons volgelinge van Jesus verder sodat hulle lewens werklik kan transformeer soos God in die oog het?

Hoe bring ons hulle op ’n punt waar hulle anders lewe as voorheen en lewe soos God wil?

Hoe leer ons hulle om onder die totale beheer van God se Gees te lewe? Met Jesus Christus nie net die Verlosser van hulle lewens nie, maar ook as hulle Koning van hulle hele lewe? Waarin hulle Hom boweal liefhet en hulle hul naaste liefhet en dien soos hulle wil hê ander moet hulle liefhê en bedien? Hoe leer ’n mens gelowige volgelinge om voluit ’n lewe van maksimum geloof te lewe?

Dit is waarmee ons die afgelope tyd besig was.

Terwyl ’n mens nadink oor hierdie vrae en opsoek is na antwoorde, is dit belangrik om te onthou dat hierdie soort transformasie waarvan ons hier praat, volgens die Bybel, ’n lewenslange proses is. Dit is werklik ’n lewensreis op pad en opsoek daarna.

Ons kan nie mekaar hier ’n resep of formule gee om dit te laat gebeur of hier uit te kom nie.

Ons praat immers hier oor ’n transformasieproses wat daartoe sal lei dat mense wat in Christus Jesus God ontdek het as ’n lewende Persoon. Ja, waarin hulle sal leer om hierdie God lief te hê met gees, siel en liggaam. Natuurlik is dit ’n proses en ’n werklikheid wat êrens begin. Dit begin daar waar jy Christus Jesus aanneem as Verlosser en Here en hierdie lewende God self, in hierdie proses, deur die werking van Sy Gees in jou, jou gees lewend en nuut máák en verander.

Daar begin hierdie transformasieproses net. Dit is net die begin daarvan. Daarvandaan moet die proses verder die res van jou wese en menswees en optrede begin transformeer. Ja, ook jou siel moet daardeur getransformeer word. Jy moet toelaat dat God jou gedagtes sal begin vernuwe en jou emosies, sodat jou wils keuses uiteindelik ook sal verander.

Dit sal natuurlik daartoe lei dat jou doen en praat, jou optrede na binne en buite, sal verander. Mense sal die vrug begin sien waarvan die Bybel praat in jou lewe. Hulle sal kan sien dat jy verander het. Hulle sal iets van die karaktertrekke van Jesus, wat Gal. 5:22 en 23 die vrug van die Gees noem, in jou lewe sien. Ja, hulle sal werklik die vrug van ware diepgaande Bybelse transformasie in jou lewe sien en beleef.

Onthou, ons praat deurgaans hier van lewensveranderende, lewensnoodsaaklike, noodwendige transformasie wat ware volgelinge van Jesus volgens die Bybel sal en moet ondergaan en deurgaan as die Heilige Gees van God werklik in hulle woon en met hulle besig is.

Daarom sê Heb. 12:14 wat daar staan.

Daarom word heiligmaking die ding genoem waarsonder niemand van ons God sal sien en ervaar in ons lewe nie.

Alles, alles moet daardeur getransformeer word. Ja, soos ek gesê het, ons gaan na gees, siel en selfs toe in ons liggame hierdie transformasieproses beleef.

## Dag 10 – Waarheen hiervandaan?

Iemand het eenmaal gesê: God het ons so lief dat Hy ons nie kan los soos ons is nie. Daarom is God besig om elkeen van ons as volgelinge van Jesus geheel en al te transformeer.

Die afgelope tyd het ons begin gesels oor die detail en veral die praktyk van so 'n transformasieproses in gelowige volgelinge van Jesus se lewens.

Kom ek sê net hier vinnig voordat ek hieroor verder gesels, ek neem hiervandaan aan dat mense oor wie ons gesels reeds stoppe 1 tot 5 in hulle lewens beleef het. Hulle het dus reeds Bybels Jesus Christus aangeneem as Verlosser en Here, weet reeds dat hulle verseker kinders van die lewende God is en die ewige lewe het, en het ook waarskynlik êrens in die Liggaam van Jesus by ander gelowige volgelinge van Jesus deel geword van 'n gelowige familie van gelowiges, klein of groot, maak nie saak nie. Daar het hulle hul geloofslewe as nuwe volgelinge van Jesus begin uitleef.

Maar nou gaan ons die Here vertrou om ons te help om mekaar te help om hiervandaan verder te groei op hierdie pad. Om te kom by wat God vir ons almal in die oog het.

Stop 6 en ons reis verder, het ons vir mekaar kortliks reeds gesê, kan soos volg omskryf word:

Om vêrder as net bloot hierdie punt van geestelike ontevredenheid en 'n gevoel van teleurstelling in Christen-wees en kerk-wees in die algemeen te groei.

Die goeie nuus aan diegene onder ons wat so kan assosieer met hierdie gevoel en ervaring van ontevredenheid en teleurstelling waaroor ek hier praat, is die volgende:

Die goeie nuus is dat hierdie gevoel van ontevredenheid en teleurstelling in Christen-wees en in kerk-wees, soos jy dit tot nou te beleef en ervaar het, nie die werk van satan en sy magte is nie, maar eerder die werk van die Heilige Gees in jou is!

Die rede waarom jy voel soos jy voel en ervaar wat jy ervaar is omdat God met jou besig is. God het jou te lief om jou te los soos wat jy tans is.

Hy het baie meer in gedagte vir jou as net dit wat jy tot dusvêr beleef en ervaar het.

Bywoning van eredienste en ander Christelike byeenkomste en kampe is nie al wat daar is nie. Inskakeling by 'n gemeente en betrokke raak in die bedienings van daardie gemeente is nie al wat daar is nie. Daar is baie meer aan Christen-wees as net dit.

Die deurlees van die Bybel is maar net 'n klein deeltjie van wat dit vir ons inhou. Om tyd in gebed te spandeer, of om tyd te maak om hier en daar teenoor mense te getuig of mense te bedien is nie al wat dit beteken om Jesus Christus te volg in geloof nie. Daar is meer as dit.

God het jou bedoel vir meer. Jy is ten minste bedoel om 'n oorwinningslewe te lewe. Ja, om 'n lewe van maksimum geloof te lewe daar waar God vir jou 'n staanplek en 'n plekkie onder Sy son gegee het tussen jou geliefdes, jou familie, jou gemeenskap en op die markplein.

In Rom. 14:17,18 staan die volgende: *"Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.*

*Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense."*

As ek in gewone Afrikaans moet probeer oorsê wat hier staan, sou ek dit so wil doen: Daar waar ons werklik begin soek na meer in ons lewens as volgelinge van Jesus, waar ek God se Koninkryk begin soek en Sy spesifieke plan vir my lewe, daar ontdek ek dit beteken niks anders as net om Sy stem te gehoorsaam in elke ding wat ek doen nie. En wanneer ek leer om Hom in die detail in my lewe te gehoorsaam, is daar vir die eerste keer werklik blywende vrede en vreugde in my lewe.

Dit bevredig werklik dan eers. Dit is dan wat volgelinge van Jesus ontdek dat hulle nie "toevallig" is waar hulle is of besig is waarmee hulle besig is nie. Hulle is nie, byvoorbeeld, sommer net vir hulle en hulle eie gesin se versorging in besigheid of in die een of ander bedryf nie. Hulle is juis daar omdat Jesus, hulle Here en Verlosser, hulle spesifiek daar wil gebruik in Sy bediening en in die koms van Sy Koninkryk ook daar en daar in mense se lewens.

Voor dit nie in ons lewens as volgelinge gebeur nie, beleef ons net hierdie stuk diepgaande frustrasie en teleurstelling op teleurstelling.

Daarom is die volgende vraag: Maar hoe kan ons mekaar help om hierby uit te kom?

Daaroor gesels ons volgende keer verder.

## Dag 11 – Daar is 'n pad hieruit verder vorentoe

Ek glo die eerste ding wat ons moet besef is dat hierdie gevoel van ontevredenheid oor dit wat tans aan die gang is in ons lewe as volgeling van Jesus, is iets om oor bly te wees. Dit is nie die werk van satan nie. Dit is juis 'n duidelike bewys dat God deur Sy Gees met jou besig is. En dit is juis 'n teken en vrug van die nuwe lewe in Jesus in jou wat besig is om jou te transformeer.

Wat 'n verligting om dit te ontdek!

Tweedens, aanvaar nou maar eens en vir altyd: daar is regtig meer aan volgeling van Jesus-wees as dit wat die meeste van ons tót dusvêr mee tevrede was! God het baie meer vir ons in gedagtenet-net dit.

Bywoning van eredienste en ander geestelike byeenkomste is nie al wat daar is nie. Om die een kamp na die ander by te woon is maar net 'n klein treetjie op die pad. Om die Bybel deur te lees is ook maar net deel van die proses. Om tyd te spandeer in gebed, of ander te help wat in nood is, kan bloot geestelike aktiwiteite word en tog ook nie wees waaroor dit werklik moet gaan nie.

Sien, ek en jy moet ontdek dat ons ten diepste 'n geloofsprobleem het! Ons hoop heeltyd dat die fout elders moet lê, by ander mense, of by die kerk waaraan ek behoort, of dat daar dalk net nog iets anders is wat ek moet doen. Maar in werklikheid is hierdie ontevredenheid en frustrasie wat jy hier diep binne beleef maar net 'n refleksie van die feit dat jy nie presies verstaan en glo wat God besig is om in jou lewe vir jou te wys en te leer nie.

Erken nou maar vir 'n slag dat jy God nodig het om jou te lei en te help met wat tans in jou lewe aan die gang is.

Hou op om heelpad met Hom te stoei.

Kies eerder om Hom te volg waar Hy ook al sou lei.

Ja, gryp vas dat God vir jou meer in gedagte het as wat jy tot nou toe belewe het en van bewus was.

Is daar dinge wat jy kan doen om jou hiermee te help?

Natuurlik.

Maak weer kwaliteitstyd om die Bybel te lees. Maar nie net vir die lees self nie. Nee, hierdie keer gaan dit daaroor dat jy in elke vers God se stem wil hoor praat met jou, oor dit wat in jou lewe nou aan die gang is.

Gebruik weer jou stil-word in gebed as tyd, nie net om jou en ander se lysie versoeke op God se tafel te gaan neersit nie. Nee, laat dit werklik tyd wees waarin jy stil genoeg word om te ontdek dat gebed ook tyd kan wees waarin God kan terugpraat!

En as die Here jou so lei, maak selfs tyd om te vas. Nie net vas in die sin van tye wat jy sekere kosse nie eet nie, maar in die sin van tye van die los en eenkant sit van dinge soos televisie-kyk, of ander dinge wat jy gewoonlik vir ontspanning sou doen, om ekstra tyd te hê waarin jy gedissiplineerd meer op God en op Sy stem kan fokus om so Sy wil vir baie spesifieke dinge in jou lewe te soek.

Alles gaan dus daaroor om werklik sensitief genoeg te wees om God se stem in jou lewe te hoor, dit te onderskei van al die ander stemme wat jy en ek elke dag hoor, maar dan ook om presies te hoor wat Hy vir jou sê, en om dan te gaan doen wat Hy sê.

Natuurlik kan dit ook beteken dat jy in die proses gedring gaan word om ’n voorraadopname van jou lewe tot hier te maak. Jy sal weer vrae soos die volgende voor God moet beantwoord:

- Waarvoor lewe jy werklik? Waarheen is jy op pad in die lewe?
- Wat help jou om te bepaal wat reg, verkeerd, goed of sleg, suksesvol of onsuksesvol te wees?
- Hoe lyk dit regtig in jou persoonlike verhouding met die mense naaste aan jou? Regtig?
- Hoe lyk jou verhouding met God regtig? Dien jy werklik Hom, of dien jy Hom vir wat jy daaruit van Sy kant af kan kry?
- Is jy tans werklik besig met presies wat God wil hê jy nou mee moet besig wees?
- En indien nie, is jy werklik bereid om te verander of ten minste ander moontlikhede te ondersoek?

Dit is vir die meeste van ons baie swaar om te erken dat ons nie onsself kan verander nie. Ja, dat ons nie eers vir onsself kan doen wat ons nodig het om te doen op hierdie stadium van ons lewe nie. Ja, dat ons God nodig het om ’n wonderwerk in ons lewe te kom doen om ons te help om verder te groei op hierdie geloof reis.

Die punt is net dat volgeling van Jesus-wees meer is as om bloot net ’n goeie aktiewe gemeentelid in die gemeente te wees.  Daar is meer hieraan … en die wonder is dat jy dit daar diep binne lankal reeds weet!

## Dag 12 – In gebrokenheid lê 'n stuk heling

Ons is steeds besig om met mekaar as volgelinge van Jesus te gesels oor hierdie pad na totale lewens transformasie wat God met elkeen van ons stap.

Natuurlik is ons elkeen op 'n ander plek op hierdie reis.

Verlede keer het ek gesels oor Stop 6 waar gelowige volgelinge in daardie seisoen van hulle geestelike lewe 'n heilige ontevredenheid met hulle eie geloofslewe en kerk-wees beleef. Ons het gesels oor hoe om daardeur verder te groei.

Hierdie keer wil ek begin gesels oor die volgende stop op hierdie reis. En dit is Stop 7 in ons verdeling van hierdie reis. Ons het die kenmerke hiervan beskryf as: Om gebroke voor God te wees.

Een van die mees merkwaardige seisoene in my eie wandel met die Here was en is hierdie seisoen en ervaring. Dit is ook 'n geestelike ervaring wat eintlik hiervandaan vorentoe die heeltyd net onder die oppervlakte aanwesig bly in jou besig-wees met God en in God se bésig-wees met jou.

Iets het net skielik gekliek … Miskien het jy vir jare geglo dat die redes vir jou ontevredenheid en frustrasies jou man/vrou was, of die gemeente waaraan jy behoort was, of dalk die dinge wat in jou lewe gebeur het, was. Noem maar op wat jy in jou geval gedink het. Maar skielik, op 'n dag drop die pennie! En besef jy: Ek gaan nie gelukkiger wees omdat dinge of mense om my in die eerste plek verander nie. Slegs sowat 10% van my ware geluk hang miskien daarvan af. Nee, 90% van of ek werklik gelukkig is, hang af van wat hierbinne-in my aan die gebeur is; hang af van hoe ek dinge sien en beleef en in die lig daarvan keuses maak en optree.

Verandering, ware Bybelse verandering en transformasie begin by my … in my hart, in my siel en in my verstand!

Die oomblik as ek God toelaat, hoe sê Rom. 12 vers 2, om my "gedagtes te vernuwe", begin daar 'n diepgaande heiligmaking proses in my. Van daar kring dit uit na hoe ek voortaan dinge gaan belewe en ervaar en in die lig daarvan keuses maak en uiteindelik, hoe ek gaan optree teenoor mense en in die lig van sekere gebeure.

'n Belangrike deel van hierdie heiligmaking proses begin daar waar jy deur God se genade en die werk van die Heilige Gees in jou, ontdek hoe jy en jou lewe as volgeling van Jesus werklik in God se oë lyk!

Watter skokkende ervaring is dit nie partykeer nie! Dit is wanneer jy ontdek hoe behep jy met jouself is. En hoeveel keer alles net rondom jou draai. En hoeveel keer jy oortuig is dat jy altyd reg is en die reg het om so op te tree en so te voel. En hoe lief jy sekere sondes en sondige gewoontes nog het. En hoeveel dinge daar is wat jy net wil hê.

Dit is in hierdie seisoen wat jy ontdek hoe vrot jy nog daar in die dieptes en kern van jou menswees werklik is.

Daarom is dit in hierdie seisoen wat jy sekere Bybel gedeeltes baie beter verstaan as ooit vantevore.

Gedeeltes soos Ef. 4:22-32 wat soos volg lui: "Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.

Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie.

Moenie die duiwel vatkans gee nie.

As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.

Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossings dág.

Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie.

Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het."

En Heb. 12:4 waar die Here vir ons as volgelinge van Jesus die volgende sê: " Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe of dood geword het nie."

Dit moet 'n stryd om lewe of dood word om klaar te kry met hierdie stuk selfbeheptheid en speel met allerlei sondes in ons lewe.

God wil hê ons nuwe lewens passie moet 'n passie en 'n soeke wees na 'n heilige lewe.

Onthou "heilige lewe" beteken nie hier "perfekte lewe" nie.

Dit beteken eerder hier 'n anderse soort lewe waar God jou leer wat dit behels as alles in jou lewe net oor Hom en oor 'n dien in liefde vir Hom gaan.

## Dag 13 – ’n Passie om heilig te lewe

Hierdie soeke na ’n heilige lewe begin daar waar ek en jy as volgelinge van Jesus Christus, ons nuwe Koning, toelaat om, hoe sê Rom. 12:2, “ons gedagtes te vernuwe”.

Hierdie heiligmaking proses kan eers werklik sy normale pad in ons lewens loop wanneer ons besef dat ons nie die oorvloedige lewe wat Christus vir ons in gedagte het gaan leer ken en beleef as ons nie vir Jesus, as ons nuwe Koning, deur Sy Gees die volledige beheer in ons lewens gegee het nie. Ja, sodat Hy ons kan leer om die dinge te wil hê wat Hy vir ons wil hê. Sodat Hy ons kan leer om volkome op Hom en dit wat Hy vir ons gedoen het – volgens Sy Woord en beloftes – te vertrou en net daaraan vas te hou.

Daarvoor moet Hy ten volle in beheer wees. Soos ons vir mekaar reeds gesê het, is hierdie oorgawe noodsaaklik omdat ek en jy nie in staat is om op ons eie ’n heilige lewe te leef nie. Ons is net daartoe in staat deur Christus wat ons die krag gee en deur Sy lewe in ons die volle beheer te gee sodat Hy Sy lewe deur ons kan lewe.

Ons is tot niks goed in staat uit onsself nie.

Ek het dit weer so prakties in my eie lewe en bediening beleef die afgelope tyd. ’n Mens is mos oortuig dat as jy doen wat God vir jou sê om te doen, sal dit altyd met jou goed gaan. Daar sal, byvoorbeeld, genoeg geld wees om te betaal vir wat jy en jou gesin nodig het.

Maar sê nou daar is nie genoeg nie! Sê nou jy is besig om God te gehoorsaam en om presies te doen wat Hy vir jou gesê het om te doen en skielik ontdek jy (om watter rede ook al) daar is nie genoeg nie. Jy sien net hoe jy dieper in die skuld ingaan.

Ek weet nie wat doen jy as dit gebeur nie. Maar ek begin te stres. Ek raak eers bekommerd, dan begin ek met God daaroor baklei, en raak ek angstig en vrees pak my.

Paulus het sulke tye in sy bediening geken. Gaan lees maar Fil. 4. Gaan lees hoe hy vertel hoe hy daardie tye in sy bediening en lewe geken het wat daar te min was om in al sy behoeftes te voorsien. Natuurlik was daar weer ander tye wat daar oorvloed en te veel was. Maar dit is nie daardie tye wat ons pla nie. Dit is daardie tye van te min …

Dan vertel Paulus wat hy ontdek het die antwoord was om hom weer gelukkig te maak en vrede te laat beleef. Hoor hoe sê hy dit in die bekende Fil. 4:13: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee.”

Sien, Paulus het ontdek dat die oomblik wat hy Christus toelaat om die beheer oor te neem in sy lewe en hy Hom toelaat om sy gedagtes te verander oor hoe hy moet dink oor hierdie tye van tekort, daardie oomblik verander dinge.

Daardie oomblik kom daar ’n nuwe vrede. En dit is daardie vrede waarvan hy daar in Fil. 4:7 praat, wat “alle verstand te bowe gaan”. Sien, dit is ’n vrede wat nie eintlik sin maak vir jou gewone verstand nie, want niks het verander nie. Al wat verander het, is hoe jy daaroor dink en nou dinge sien.

Daar aan die voete van ’n lewende Jesus, waar Hy op die troon sit, kies jy doelbewus om Hom onvoorwaardelik te vertrou. Daar aan Sy voete kies jy om onvoorwaardelik te glo wat Hy in Sy Woord vir jou sê, naamlik dat Hy sal voorsien in al jou behoeftes as jy Sy Koninkryk boweal soek en Sy spesifieke wil vir jou lewe. Ja, daar kies jy om te glo dat Hy werklik vir jou ’n Vader wil wees, wat vir jou omgee en jou liefhet. Hy gaan jou nie in die steek laat nie. Jy kan Hom maar vertrou.

Daardie oomblik verander dinge, want dit verander hier binne-in jou. Dit is asof jy ’n nuwe bril kry waarmee jy nou na dinge kyk.

Soos ek gesê het, niks het tot op daardie oomblik verander rondom jou nie. Die tekorte is steeds daar. Maar daardie oomblik het jy oorgegee en gekies om God nou te vertrou.

Weet jy, die wonder is daar daardie oomblik ook iets gebeur in die geestes wêreld.  Dinge begin gebeur wat alles begin verander!

Voordat jy Jesus toelaat om deur Sy Gees hierdie verandering in jou te bewerk, beleef jy net mooi die teendeel! Niks wat jy doen verander dinge nie. Dit word eintlik erger. Jy word al hoe meer bekommerd en befoeterd!  Niemand kan met jou meer huis hou nie. Om die eerlike waarheid, jy kan nie eers met jouself huis hou nie.

Dit is dan wat ons Bybel gedeeltes soos Gal 5:16 tot 25 beter verstaan.  Daar waar jy jou “ou tier”, jou ou jy, toelaat om maar op sy “ou, gewone manier” op te tree en te reageer, daar is dit nag! Maar daar waar jy Jesus toelaat om deur Sy Gees die beheer oor te neem en jy kies om Hom te vertrou om Sy lewe in jou te lewe … Daar verander Hy jou manier van dink, hoe jy voel en omstandighede beleef en uiteindelik, jou gesindhede en jou optredes.

Dit is dan wanneer Gal. 5:22 tot 23 onverklaarbaar wonderlik deel word van jou gesindheid en optrede na buitetoe: “liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.”

## Dag 14 – In die Here se wasmasjien

My goeie vriend, Gary Kieswetter, sê altyd: Ons is soos teesakkies. Maak maar net die water rondom ons 'n bietjie warm, dan sien jy gou watter "geur" jou teesakkie is!

Die oomblik wat dinge 'n bietjie "warm" en "uitdagend" word rondom jou, beleef jy, tot jou skok baie keer, wat werklik daardie tye uit jou uitborrel! Dit is dan wat al die woede, aggressie, ongeduld, wantroue, vrees, ongeloof wat uit jou uitkook jou totaal verstom!

Hoe bewus word ons nie van ons totale gebrokenheid daar aan die voete van die heilige, nuwe Koning, Jesus die Christus, nie! Hoe nodig het ons nie dat Hy ons sal transformeer na Sy wil nie!

Waar ons dit ontdek het, skep dit 'n gewilligheid om oop te maak sodat God Sy heiligmakingswerk in ons kan doen. Ja, wat dit ook al kos! Al beteken dit dalk pyn, lyding, trane en selfs vervolging. As dit is wat nodig is …

Ek praat baie keer van God se "wasmasjien" wat Hy gebruik om ons te was sodat ons skoon sal wees. Dit is hierdie "wasmasjien" wat God gebruik om ons te help om 2 Pet. 3:14 te laat gebeur in ons lewe. Daar staan: *"Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe."*

So "was" God al die kolle en vlekke uit ons lewens uit!

Daar in 1 Pet. 4:12,13 praat Petrus soos volg daarvan: *"Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie.*

*Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid."*

Dit is alles maar net bewyse dat die Heilige Gees, die Gees van heerlikheid, in ons bly en met ons besig is.

Ja, en dit is alles deel van daardie "ophou met elke vorm van kwaad" waarvan 1 Pet. 2:1 praat, om so deel te kry aan die totale "verlossing" wat God vir ons elkeen in gedagte het. Daarom moet ons na Jesus toe kom weer en weer … Sodat Hy ons kan reinig en kan heilig.

Hierdie ontdekking van ons gebrokenheid en vry word van al daardie sondes en bande wat ons nog stééds gevange gehou het, ten spyte van die feit dat ons reeds gelowige volgelinge van Jesus al lank was, begin gebeur daar aan die voete van Jesus Christus, ons Verlosser en ons nuwe Koning.

Natuurlik is dit nie maklik en lekker om dit te ervaar en te erken nie. Maar dit is noodsaaklik. Dit is nodig vir ons verdere groei in hierdie maksimum geloofslewe wat God van ons vra.

Hoe gebeur hierdie proses, hierdie ontdekking en ervaring van ons totale gebrokenheid?

Om getransformeer te word deur hierdie ervaring van gebrokenheid gebeur op baie maniere: Navorsing toon aan dat baie volgelinge van Jesus iets hiervan belewe midde lewens krisisse wat in hulle lewens gebeur.

Soos ek jou reeds vertel het, het ek iets hiervan beleef tydens ’n ernstige siekbed-ervaring. Ander gelowiges beleef dit dalk midde of na die dood van ’n geliefde, of ’n bankrotskap, of egskeiding, of verlies van die een of ander aard.

Dit is in hierdie tye wat Skrifgedeeltes soos Rom. 8:28 vir ons so tot troos en bemoediging is, want *“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.”*

So maak God skoon wat skoongemaak moet word en breek Hy die vestings af wat die vyand in die loop van die jare in ons lewens gebou het om ons steeds mee te manipuleer en te beheer.

So leer ons ’n nuwe afhanklikheid en vertroue op die Here in ons lewe. Gedurende daardie tye leer ons om net op God, Sy werk in ons en Sy beloftes en Sy Woord te vertrou.

Dit bewerk ook ’n nuwe stuk genesing en groei en lei ons na ’n beter, meer heilsame plek in ons lewe.

Een van die dinge wat verder gebeur is dat ons daar ontdek wat dit beteken as Jesus werklik die Koning in ons lewe is en ons Sy Koninkryk boweal soek.

In hierdie proses leer jy om vrywillig van al jou sogenaamde “regte” afstand te doen. God bepaal voortaan wat jy gaan ontvang en waarmee Hy jou wil seën. En in die proses ontdek jy maar net weer dat God “goed” is en dat daar “aan Sy liefde geen einde is nie”. Dat Sy wil vir jou lewe werklik die beste is.

Om die Here te leer vertrou vir elke deeltjie van jou lewe en Hom toe te laat om jou te gee wat reg en goed is in Sy oë op Sy manier en op Sy eie tyd, ontdek jy mettertyd, oortref alle verwagtings.

Natuurlik kan jy hierdie proses aanhelp en fasiliteer deur werklik tyd met God in gebed te spandeer. Daar kan jy Sy hart vir jou en jou mense begin hoor en verstaan.

Baie volgelinge van Jesus vertel hoe hulle in hierdie tyd ’n joernaal of dagboek begin hou het om neer te skryf wat gebeur en wat God vir hulle gesê het gedurende hierdie tyd.

Ander vertel ook wat dit vir hulle beteken het om met iemand saam te stap wat ’n soortgelyke pad in hulle lewens gestap het.

## Dag 15 – Groei midde al die pyn en seer

Ons is besig om te gesels oor daardie seisoen of seisoene waarin ons “in God se wasmasjien” beland het.

Ek wil ons gesprek oor hierdie fase van ons aardse reis afsluit met die vraag: Wat is die vrug of tekens van groei midde hierdie fase?

Een van die belangrikste dinge wat midde hierdie fase van gebrokenheid gebeur, is genesing. En dan spesifiek ’n stuk gesond-word waarvan jy bewus word in jou karakter en optrede.

Mense gaan sien en beleef hoe jy stiller word en verander van ’n mens wat totaal sélf geabsorbeer was in jouself en jou eie dinge, tot iemand wat ’n stil nederigheid in hulleself, in wie hulle is en in waar hulle is, ontdek het.

Dit is ook asof mense wat deur hierdie seisoen op hulle lewensreis gaan, byna daagliks kort tye beleef van stil word, waarin hulle belydenis doen oor hulle gebrokenheid en worstelinge. Hulle doen dit nie sommer voor enigiemand nie. Nee, hulle doen dit meestal teenoor God, daar waar hulle daagliks tyd bestee aan Sy voete, en dan, as en wanneer hulle vrymoedigheid het, ook teenoor ’n paar uitgesoekte gelowiges wat hulle geleer het om te vertrou met sulke persoonlike dinge.

Hulle lewens word verder gekenmerk deur ’n groter bereidheid om net ontspanne en kalm te bly midde onverstaanbare komplekse tye en gebeure in hulle lewens.

Ek het dit vir myself so uitgemaak.

Ek noem dit die 90%-10% spel van die lewe. Dit werk soos volg: 10% van of ek ’n goeie dag het of nie, hang saam met daardie onverstaanbare, soms tragiese, slegte dinge waaroor ons geen beheer het nie in hierdie stukkende wêreld van ons.

Maar ek kan kies dat hierdie 10 persent nie die bepalende faktor in my lewe gaan wees nie, maar eerder die oorblywende 90%.

Die 90%-beginsel bepaal dat my geluk en vrede eerder afhang van die gesindheid waarmee ek daardie 10% dinge gaan hanteer. Ek kan nie altyd beheer wat met my gebeur nie, maar ek kan kies hoe ek daaroor gaan dink of daaroor gaan voel of dit gaan hanteer.

Kom ek neem ’n praktiese voorbeeld. Ons kan nie die weer beheer nie, maar ons kan besluit om positief daaroor te wees. Ons kon byvoorbeeld hier in die Wes-Kaap Augustusmaand 2012 gekla het oor al die reën wat geval het, of ons kon juig en dans in die reën omdat ons weet dat daar dele in die wêreld is waar die hoeveelheid reën wat dit hier by ons soms op een dag geval het, hulle hele jaar se reënval is.

Die wonder is dat daardie gesindhede waarmee ons die lewe hanteer, maak dat ons geluk, vrede en selfs merkwaardige wonders in ons lewe begin beleef.

Ons beleef byvoorbeeld die wonder van dit wat daar in Rom. 8:28 staan in ons lewe: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.”

God is en bly ’n werklikheid in ons lewe as Sy geliefdes en ek kan Sy Woord en Hom vertrou om getrou te bly midde wat ook al in my lewe gebeur. Ten spyte van die feit dat daar ook maar dieselfde gewone slegte, onverstaanbare dinge in ons lewe gebeur, en dat ons ook maar die gewone klomp rompslomp en onaangename ding moet hanteer en verwerk wat almal rondom ons moet verwerk, vind ons werklik ons vrede midde hierdie tye in die seker wete en geloof: God is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie.

Geloof en om gelowig te wees midde sulke tye is ’n keuse wat ons maak om dit te glo en te bly glo. En uiteindelik gaan ander mense rondom ons ook die vrug van hierdie innerlike geloof-keuses in ons lewe begin raak sien.

Hulle sal kan getuig daarvan hoe hulle gesien het hoe ons deur hierdie moeilike dinge en moeilike uitdagende seisoen gaan en meer en meer verander. Ons word werklik ander mense. Hulle sal getuig daarvan hoe hulle meer van Jesus en Sy karaktertrekke in ons lewens begin sien het.

Maar natuurlik ook hoe ons begin loskom en opgehou het met sekere sondes, soos selfsug en lief wees vir die dinge van die ou vlees-natuur.

Natuurlik neem dit alles tyd en is dit deel van ’n proses wat ’n mens se res van jou lewe aanhou.

Maar wat belangrik is, is dat alles begin by keuses wat ons moet maak. Rom. 12:2 noem daardie keuse: om God toe te laat om jou manier van dink oor dinge te verander.

In praktyk beteken dit miskien boweal dat ons prentjie van God begin verander. God word vir ons meer heiliger, meer regverdig, maar veral meer liefdevol en goed in ons oë. Ons word ook bereid om meer totaal voor Sy outoriteit en wil te buig.

Ons verstaan ook iets meer van daardie “vrees van God” waarvan ons so dikwels in die Woord lees.

Ook ons getuienis na buitetoe gaan deurspek wees met ’n prentjie van God wat ons beter en beter leer ken en leer liefkry het midde ons pyn en worstelinge.

Volgende keer gesels ons verder.

## Dag 16 – Leer om oor te gee en te buig

Ons is besig om met mekaar te gesels oor ’n stuk geestelike groei wat in ons lewens as volgelinge van Jesus plaasvind. Oor hoe God deur die werking van Sy Gees Sy volgelinge begin leer wat Jesus bedoel het toe Hy daar in Joh. 10:10b gesê het: Ek het gekom dat julle die Lewe kan hê en dit in oorvloed. Dat dit meer beteken as net om te weet dat jy “eendag hemel toe sal gaan”.

In ons lewens as gelowige volgelinge van Jesus het daar daardie dag wat ons Jesus vir die eerste keer aanvaar het as Verlosser en Here, merkwaardige, bonatuurlik wonderlike dinge in ons gebeur.

Die Bybel noem dit “wedergeboorte” daar in Joh. 3. In 2 Kor. 5:17 word dit beskryf as dat ek en jy ’n “nuwe skepping” geword het. En dit beteken nie net dat ons as mens “nuut” geword het nie. Ja, dit ook, maar baie, baie meer as dit. Dit wat hier in ons plaasgevind het, is deel van ’n baie groter “nuwe skepping” wat rondom ons aan die plaasvind is. Wat al in God se hart was voor die begin van tyd.

Deel hiervan is dat Jesus dieselfde Gees wat ook in Hom en die Vader is, gestuur het om nou in ons, in ons liggame, te kom woon. En dit is daardie Gees wat die Lewe van Jesus, ja, jy het reg gelees, die Lewe van Jesus, aan ons kom bedien het. En nou wil hierdie Gees, die Heilige Gees noem die Bybel Hom, ons leer hoe om toe te laat dat hierdie nuwe Lewe in ons ons hele menswees nuut máák.

God het ons gees tydens die wedergeboorte daar in die begin, met ons eerste bekering en tot geloof-kom, verander. Maar nou moet daardie proses van verandering die res van ons as mens deursuur. Ons siel moet verander en, uiteindelik, moet ons liggame selfs ook verander.

Dit kan net gebeur as ons God toelaat om onbeperk Sy werk in ons te doen. Gal. 5 beskryf dit as dat ons God se Gees in ons moet toelaat om voortaan ons hele lewe te beheer. Jesus gaan deur Sy Gees in ons, ons lei deur Sy stem. Ons gaan Sy stem hoor, dit herken as die stem van ons Verlosser en Koning wat ons leer liefkry het, en dan moet ons leer om gehoorsaam agter daardie stem aan te stem omdat ons gekies het om daardie stem onvoorwaardelik te vertrou.

Terwyl ons dit doen, gebeur daar iets in ons lewe: ons hele lewe begin transformeer. Dit gaan ons letterlik verander van gemak-soekende, sukses gedrewe, godsdienstige, selfsugtige mense wat aanmekaar sonde doen, na mense wat leer om God werklik lief te hê, Hom te gehoorsaam, op Hom en Sy wil en Sy koninkryk gefokus te wees en deur die Gees-geleide, gebroke, burgers van die hemel hier op aarde te wees.

Kom ons dink ’n bietjie oor hierdie transformasieproses wat in ons aan die gang is van ’n ander hoek af.

Die meeste Christene verstaan die Evangelie baie eensydig. Ons verstaan die Evangelieboodskap as dat God ons Sy onverstaanbare, allesomvattende liefde gewys het in die koms en kruisiging van Jesus, om ons wat dit glo, so te vergewe, vry te spreek en te aanvaar as Sy kinders. En natuurlik is dit deel van die Evangelieboodskap, maar, en dit is belangrik, dit is net ’n deel van die Boodskap.

Die ander kant van die Evangelieboodskap is dat Jesus, die Heilige, Almagtige Seun van God, gekies het om mens te word en vir ons ’n afgryslike dood te sterf en totaal onverstaanbare pyn en smart vir ons te verduur, sodat ons kan verstaan hoe ernstig Hy is om intiem met ons te word.

Om dit te laat gebeur moet Hy ons totaal nuut en oormaak; moet Hy ons transformeer van dit wat sonde en die vyand in ons gedoen het, om ons weer in staat te stel om Hom werklik te leer ken en te leer liefkry soos wat Hy in Sy hart vir ons beplan het van die grondlegging van die wêreld af.

Om dit te laat begin gebeur moet God ons letterlik verlos. Ons aanvanklike bekering en in geloof-vasgryp aan die boodskap van die Evangelie is maar net die begin van hierdie verlossings proses. Dit is net die begin van ’n lewenslange reis op pad na totale verlos-wees, na totale heel-word en heel-wees, om uiteindelik mens-van God te wees waarin die beeld van Jesus sigbaar geword het.

Die wêreld om ons praat al hoe meer hieroor. Selfs die ongelowige wêreld. Daarom, as jy op die rakke van boekwinkels rondkyk, sien jy stapels en stapels self-help gidse om jou te help met hierdie transformasieproses. Hulle dink nog dat hulle jou “kan help verander” deur jou net meer en meer inligting daaroor te gee. Daarom leer hulle jou hoe om jou liggaam te verander deur allerhande oefenprogramme, of dieet programme, of die regte aanvullings te gebruik, of hoe om jou huwelik te transformeer.

Maar God het soveel meer vir ons ingedagte. Natuurlik is dit ook Sy hart dat al hierdie dinge ook op plek sal kom. Maar God se proses werk anders.

God se proses begin waar Hy eers ons gees nuut en lewend maak. En dan kom woon Hy self in ons om ons stap vir stap te lei die res van die proses.

As ons Hom maar net wil toelaat.

Hy wil ons leer om Hom werklik opreg lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte. En, in die proses, ons te leer om ons naaste lief te kry soos wat ons onsself liefhet.

Maar om dit te laat gebeur, sê Hy deur Sy Gees daar in Gal. 5:16-25: “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle ou natuur nie… Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing…

Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle ou natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig.

Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”

## Dag 17 - Om 'n radikale Jesus te volg tot by die einde van die wêreld

Ek het weer die afgelope tyd begin besef hoe ons Jesus Christus, die nuwe Koning van planeet aarde, verdraai en verander het om in te pas in ons wêreld, in wat vir ons gemaklik en reg is.

Daarom praat ons so maklik van "soeker gemeentes" en praat ons net oor God se liefde en al die seën wat ons s'n word die oomblik as ons Jesus Christus aanneem as Verlosser en Here. Maar ons waag nie om vir mense te vertel waarvoor hulle werklik in is as hulle sou waag om onvoorwaardelik in gehoorsaamheid Jesus te volg nie.

Ons waag nie om vir hulle te vertel dat dit hulle lewe kan kos nie. Ons waag nie om vir hulle te vertel dat hierdie Jesus dalk vir hulle kan sê, soos vir daardie ryk jongman wat Hom kom vra het hoe hy die ewige lewe kan beërwe, dat dit alles gaan kos wat hy het nie. Ja, dat hy alles wat hy het, moet gaan verkoop en die geld aan die armes moet gaan weggee en dan eers kan kom om Jesus te volg nie.

Sien, ons kan amper nie waag om vir mense te sê dat om Jesus te volg, nie daaroor mag en moet gaan oor wat Hy vir jou kan doen of kan gee nie. Om werklik te verstaan wat dit beteken om Jesus te volg, beteken dat jy verstaan dat dit dan net oor Jesus vir jou moet gaan.

Om werklik te verstaan wat dit beteken om Jesus te volg, moet ons begin begryp dat die Jesus wat ons kies om te volg, dit verdien dat ons kies om Hom te volg omdat dit vir ons net oor Hom gaan!

Vir my is dit nie elke dag maklik om my kop en hart om hierdie konsep en verstaan van Jesus te kry nie.  Ek sukkel hiermee.

Daarom was dit vir my weer so 'n openbaring om Lukas 9 van vers 52 af te lees.

Voor ons dit gaan saamlees, wil ek jou waarsku dat dit 'n moeilike gedeelte dié is. Dit is nie 'n gedeelte waaroor ons sommer maklik met mekaar praat as volgelinge van Jesus nie. Wat nog te praat van daaroor te gesels met mense wat begerig is om Jesus te begin volg.

Maar kom ek lees dit vir jou.

Onthou die konteks: Jesus het gekies om vir die laaste keer as mens op aarde na Jerusalem te gaan. Hy weet wat daar gaan gebeur. Hy weet Hy gaan daar Sy lewe gee. Hy gaan daar toelaat dat Sy Vader se volle woede op Hom neerkom … terwille van die sondes van 'n hele verlore gaande wêreld.

Stel vir jou 'n prentjie voor. Sien hierdie reuse dam met 'n wal van duisende meter wyd en duisend meter hoog wat miljoene liter water daaragter terughou, terwyl ek en jy daar voor hierdie dam staan en ons verstom oor die magtige grootheid van hierdie dam. Skielik breek hierdie dam se wal en al hierdie miljoene liter water storm op ons af om ons te verswelg. Maar dan, skielik, wonderbaarlik, skeur die aarde reg voor ons oop en al hierdie miljoene liter water stort daarin af.

So het die miljoene liter van God se woede oor sonde op Jesus afgestort omdat  Hy doelbewus die aarde met Sy eie hande voor ons oopgeskeur het voor hierdie aanstormende vloed van God se woede. Sodat alles eerder op Hom kon neerkom.

Dit het hierdie Jesus vir my en jou gedoen. En nou is Hy ook die Een wat ons uitnooi om Hom te volg en langs die pad op hierdie reis 'n hele wêreld met 7 miljard mense van Hom te vertel.

Daarom kan ons nie waag … durf ons nie … probeer om Hom "soeker-vriendelik" te maak sodat mense Hom, asseblief tog, moet kies om te volg nie!

Kyk mooi, lees mooi, wat hier in hierdie gedeelte staan wat Hy self aan mense gesê het wat juis nader gekom het om Hom te wil volg. En dan dink jy weer 'n slag mooi oor wat jy vir sulke mense oor Hom wil sê voordat ons volgende keer daaroor verder gesels:

"Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: 'Ek sal U volg waar U ook al gaan.'

Toe sê Jesus vir hom: 'Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.'

Aan 'n ander een sê Hy: 'Volg My.' Maar hy antwoord: 'Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe.'

Toe sê Jesus vir hom: 'Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.'

Nog een het gesê: 'Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet.'

Toe sê Jesus: 'Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.'" (Luk. 9:57-62)

Soos ek gesê het, wil ek jou hierdie week op hierdie plek los …

Die gebed in my hart is dat jy, soos ek, 'n bietjie … in skok … oor hierdie woorde van Jesus sal gaan nadink.

Sy woorde is beslis bedoel om ons 'n bietjie te skok. Sodat ons kan besef dat wat Hy van ons vra baie meer is as net 'n oppervlakkige soort volg.

Dit gaan maak dat dit wat "normaal" sou wees, nie meer bloot "normaal" en "reg" vir ons gaan wees nie.

Hy gaan van ons 'n oop-wees vra vir Sy hart, Sy wil, Sy plan, Sy wet, Sy "normaal" en Sy "reg" in ons lewe die oomblik wanneer ons kies om Hom as die Koning van alle konings te volg.

## Dag 18 – Om Jesus te volg

Laas het ek begin om vir jou te sê dat ek en jy soms Jesus "klein en vriendelik genoeg" maak om mooi in ons en ander se wêreld in te pas.

Die moeilikheid is dat ons die een of ander tyd "groot moeilikheid" hiermee gaan kry, want Jesus Christus, die nuwe Koning van planeet aarde, pas nie mooi en gemaklik in ons en ander se lewens in nie.

Jesus, die Christus, wat vir ons gekruisig is en opgestaan het, wat nou sit aan die regterhand van die Vader, wie ek en jy verkondig en wie ons gekies het om te volg, is ’n anderse Jesus … Is baie meer radikaal as wat ons soms self wil onthou party dae. Wat nog te praat van ander bloot te stel aan hierdie "radikale kant" van Hom.

Ek bedoel, Hy is die Here wat, onder andere, die volgende vir mense daar in Luk. 9:57-62 gesê het wat begerig was om Hom te begin volg!

"Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: ‘Ek sal U volg waar U ook al gaan.’

Toe sê Jesus vir hom: ‘Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ‘n rusplek vir sy kop nie.’

Aan ‘n ander een sê Hy: ‘Volg My.’ Maar hy antwoord: ‘Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe.’

Toe sê Jesus vir hom: ‘Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.’

Nog een het gesê: ‘Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet.’

Toe sê Jesus: ‘Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.’" (Luk. 9:57-62)

Praat van mense afskrik! Dit is nou ’n goeie preek om mense vir ewig te laat besluit dat hulle nie meer kans sien om Hom te volg nie!

Het jy mooi gelees wat Jesus hier vir sulke mense sê?

Hy begin deur vir sulke mense te sê: Moenie dink dat ons altyd plek gaan hê om gemaklik te slaap en te bly nie. Met ander woorde, die kanse is goed dat jy, wanneer jy My volg, nie altyd ’n dak oor jou kop, of ’n gemaklike bed gaan hê om in te slaap nie. Jy gaan baie dae nie eers kos hê om te eet nie.

Hy gaan vêrder en sê vir iemand wie se pa pas oorlede is en wat net gou sy pa se begrafnis wou gaan bywoon om die laaste eer aan hom te betoon: Nee, as jy kies om My te volg, moet jy weet dat daar belangriker dinge as dit is om nou te doen.

’n Ander persoon wou net sy geliefdes by die huis gaan groet voordat hy kom om Jesus vir die res van sy lewe voltyds te volg.

Vir daardie persoon herinner Jesus aan dit wat Hy daar in Markus 10 vir mense gesê het. Onthou jy wat daar in vers 29 en 30 staan?

"Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe."

Sien, ons hoor en konsentreer so op die "honderd keer soveel", dat ons vergeet en miskyk dat Hy ons eintlik sê dat ons Hom nie werklik kan volg as Hy nie vir ons belangriker geword het is as ons pa of ma of broers of susters, of familie of kinders nie.

Ja, dat om Hom te volg kan beteken dat ons al hierdie mense in ons lewens soms moet groet om nooit weer te sien nie, net sodat ons Hom gefokus en onvoorwaardelik kan volg.

'n Mens vergeet so maklik dat elke keer wanneer Sy dissipels gevaar geloop het om te dink dat dit nou die "gewilde ding geword het" om Jesus te volg - wanneer die skares agter Hom begin aanstap het – het Jesus hulle verdryf deur "die vreemdste dinge" vir hulle te sê.

Soos … daardie keer toe Hy vir hulle gesê het dat as iemand Hom wil volg, moet hulle bereid wees "om Hom te eet"! Of die ander keer toe Hy gesê het dat as iemand Hom wil volg, moet hulle bereid te wees om soos 'n misdadiger behandel te word deur mense, en selfs doodgemaak en gekruisig te word asof hulle die ergste van erge misdadigers sou wees!

Kan ek afsluit deur vir jou te vra: Waarom volg jy Jesus? Hoe lyk die Jesus waarvan jy mense vertel? Vertel jy hulle net van die mooi en wonderlike dinge wat Hy gedoen en gesê het, of waag jy dit om hulle ook te vertel van die prys wat dit gaan kos?

Om Jesus te volg beteken dat jy Hom volg net oor wie Hy is en oor wat Hy vir jou gedoen het. En nie soseer oor wat jy daaruit kan kry as jy Hom volg nie.

Want soms gaan dit gebeur dat jy niks daaruit gaan kry nie.

Soms moet jy jy bereid wees om alles … alles … prys te gee wat vir jou kosbaar is, net om Hom te volg en Hom te gehoorsaam.

## Dag 19 – Om Jesus te volg vra alles

Laas het ons gesels oor hoe Jesus, die Christus en ons nuwe Koning, die mense wat kies om Hom te volg, uitdaag en herinner daaraan dat om Hom te volg heel waarskynlik meer gaan kos as wat die meeste van ons met die eerste oogopslag besef het.

Om Jesus te volg vra alles. Vra totale, onvoorwaardelike "commitment" en alles wat jy het.

Jy moet besef die oomblik toe jy kies om Hom te volg, word Sy agenda jou enigste agenda, en Sy planne jou enigste planne.

As jy nog nie self ontdek het wat dit beteken nie, kom ek sê vir jou wat dit beteken. Dit beteken dat Hy van jou dinge gaan vra en jou gaan uitdaag om Hom te volg op paaie waar jy nooit sou waag om op te loop as jy enige sê gehad het nie. Dit gaan beteken dat jy uiteindelik meer sal moet gee as wat jy ooit self sou kies om te gee.

Tog is dit bemoedigend om vir jou te sê dat God nie soos 'n stoomroller of 'n diktator hierin met ons te werk gaan nie. Hy het 'n manier om deur Sy Gees wat in ons woon, met ons 'n "gentle" pad te stap.

Sien, Jesus Christus, ons nuwe Koning en Here, weet presies wat elkeen van ons nodig het. Hy het 'n manier om vir elkeen van Sy volgelinge presies dit te vra wat ons daardie oomblik werklik nodig het om te hoor.

Kom ek illustreer dit prakties vir jou.

Hy het nie vir almal wat Hom wou volg, gesê dat hulle eers alles wat hulle het, moes gaan verkoop en vir die armes moet gee voordat hulle Hom kan volg nie. Vir ander het Hy gesê hulle moet daarmee gaan regmaak waar hulle mense voorheen bedrieg en benadeel het.

Hy het ook nie vir almal gesê dat daar nie tyd is om hulle pa of ma te gaan begrawe voordat hulle Hom kan volg nie. Of om hulle ma of pa of broers of susters, of werk of eiendom agter te laat voordat hulle Hom kan volg nie.

Daarom is dit so belangrik om te ontdek ons volg 'n lewende Jesus Christus, as die nuwe Koning in ons lewe, wat met elkeen van ons 'n baie persoonlike, intieme liefdesverhouding wil hê van dag tot dag, waarin Hy ons persoonlik lei deur Sy stem.

Natuurlik vra Hy altyd onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Anders is dit nag op die een of ander manier.

As Hy met jou praat, hou Hy nie daarvan om twee of selfs drié keer te praat nie. Hy verwag dat jy onmiddellik sal doen wat Hy vra.

Die ander ding wat ek jou hieroor moet sê is dat as jy met Jesus dag vir dag saamloop en saamlewe, gaan iets van Sy hart en Gees in jou afgee. Dit gaan ook jou hart en gees word.

Jy moet besef dat vir Jesus gaan dit nie net oor jou en jou gerief en wat vir jou lekker is nie. Jesus se wêreld is die hele wêreld, met sy 7 miljard mense.

Jesus se wêreld, waarvoor Hy sy lewe gegee het … wie se sondes se straf Hy gedra het … is grotendeels ongered en op pad hel toe. Meer as 70 tot 85 persent van hierdie wêreld se bevolking is op pad hel toe. En dit raak Jesus se hart om elke dag daaroor te dink en die ellende te sien wat dit in hulle lewens veroorsaak. Sy hart is dat geeneen van hulle verlore sal gaan nie.

Moet dus nie verras wees waarheen Hy jou stuur en wat Hy vir jou vra om te doen om dit te verander nie.

Moenie verras wees oor wat Hy jou vra om te gee om iets hieraan te doen nie.

As meer as 26 000 kinders elke dag van honger en allerlei siektes sterf, moet nie verras wees oor wat Hy vir jou in die proses gaan vra nie.

As meer as een en ’n half miljard mense in die Midde-Ooste Moslems is, moenie verras wees oor wat Hy in die verband vir jou kan sê nie.

Vriende, dinge is ernstiger as wat ons dink! Die tyd is korter as wat ons dink. Daar is belangriker dinge as die meeste dinge waarmee ek en jy elke dag besig is.

Daarom het ons nie meer tyd om kerk te speel nie. Daarom het ons nie meer geld om sommer te mors op al die nonsens waarop ons dit mors in die Kerk van die Here Jesus nie.

Dit het tyd geword om stil genoeg te word om te luister. Dit het tyd geword om weer stil genoeg te word om net weer Sy hart te hoor.

Dit het tyd geword om vir mekaar te sê dat alles uiteindelik net oor Hom gaan. Oor Jesus. Oor Jesus. Oor Jesus.

Dan … verander alles. Dan … verander ek en jy.

## Dag 20 – Op pad na totale transformasie

As God sê dat Hy jou te liefhet om jou te los soos wat jy is … moet jy verstaan dat Hy met jou 'n pad gaan stap op pad na totale lewens transformasie. Hoe sê Hy daar in Fil. 1:6 (in my eie woorde): Hy gaan nie ophou voordat Hy presies dit wat Hy in gedagte het in jou lewe klaar gedoen het nie.

Laat ek sommer nou dadelik vir jou sê: dit gaan beteken dat Hy jou gaan dring om buite jou tipiese gemaksone te begin lewe en te beweeg. Hy gaan jou uitdaag, jou strek en rek totdat jy voel en dink jy kan nie meer nie …

Die meeste van ons is geneig om te wil opgee … en om maar dan tevrede te wees met minder as dit wat God vir hulle in gedagte het. Daarom klim hulle terug in wat vir hulle gemaklik is en gemaklik kom. Maar God se hart is vir ons "… Lewe … en dit in oorvloed".

Die uitdaging is dat die reis op pad hierheen rof en donker en meer verwarrend word voordat ons by daardie "oorvloed" uitkom wat God vir ons in gedagte het.

Die wonder egter is dat Jesus, ons Verlosser, Koning en Geliefde Here, self vir ons ook hierdie pad kom wys en modelleer het. Hy het vir ons kom wys dat dit 'n sekere dissipline vra van stil-word en dan gaan doen wat die Vader sê. Ja, dat dit eise stel aan die soort en diepte van die verhoudinge wat ons met die mense om ons sal hê.

Dit gaan bepaalde uitdagings inhou … en lyding … en twyfel … en beteken dat ons op daardie plek moet kom waar ons totaal oorgee, al verstaan ons niks nie en al skreeu ons hele wese teen wat God vir ons in gedagte het.

Eers dan gaan ons op daardie plek uitkom waar ons daardie vrede gaan beleef wat alle verstand te bowe gaan … en waar ons beleef ons lewe het betekenis. En waar dit ons 'n vreugde laat beleef wat ons nooit gedink moontlik kan wees in hierdie lewe nie.

Maar dit beteken heelpad oorlog. Oorlog teen jouself, jou eie ou vlees en ou natuur, jou eie gewoontes en gemaksone, jou eie vrese en selfgesentreerdheid.

Jy gaan ook gou in hierdie oorlog beleef dat jy nie uit eie krag hierdie oorlog kan wen nie. Eers daar waar jy totaal oorgee en Hom toelaat om om jou te transformeer na Sy wil, gaan dinge begin gebeur. Eers daar waar ek en jy werklik die boodskap van die Evangelie glo en geheel en al daarop begin vertrou, ook vir ons oorwinning en totale verlossing, gaan die Lewe wat Jesus vir ons bewerk het en die oorvloed wat deel daarvan is, begin deurbreek in ons lewens.

Gelukkig is ek en jy nie alleen op hierdie reis nie. Daarom sê ons aanmekaar vir mekaar dat niemand van ons ooit bedoel is om "lone rangers" te wees op hierdie reis nie. Ons is bedoel om deel te wees van die familie van God, wat medereisigers saam met ons op hierdie pad gaan wees. Met wie ons kan gesels, saam bid en mekaar kan bedien soos wat ons van die een stop na die volgende stop op hierdie reis beweeg.

Maar die ding wat die verskil boweal gaan maak is om God toe te laat om ons Toerleier op hierdie reis te laat wees.

Bid en luister na Sy stem. Hou jou oë oop vir wat Hy wil doen in jou lewe. Lees Sy Woord deur ’n nuwe bril … daardie bril wat opsoek is na wat volgende moet wees in jou lewe, want jy weet jy is nie in beheer van hierdie proses en reis nie.

Soos wat ons God se Gees gaan vertrou om die Lewe en die oorvloed van daardie lewe in Christus Jesus in ons lewens uit te werk, gaan ons ontdek dat dit vrug dra. Gaan ons liefhê en lief wees … Vir Hom … en vir ander.

En wees bedag daarop dat dinge gaan verander … Dat Hy vir jou meer in gedagte het … Dieper verhoudings in gedagte het … As dit waarmee jy tót dusvêr tevrede was.

En besef dat dit die belangrikste “werk” is wat jy nog ooit gedoen het.

## Dag 21 – My plek in God se groter prentjie

Soms moet ons deur lewensveranderende krisisse gaan om uit te kom waar ons in lyn kom met God se manjifieke unieke plan vir my as individu. Ons moet soms regtig deur pyn gestoot word, aangehelp word, om op ’n punt te kom waar ons tot die dood toe té moeg is om aan te gaan met die gewone pad en gewone dinge waarmee jy tot hier mee besig was.

Hoeveel besigheidsmanne getuig nie hiervan nie! Soos my eie broer getuig, hoe hy al die jare soos ’n slaaf gewerk het net om meer en meer geld te maak, maar teen so ’n geweldige prys.

In baie mense se lewens kos dit hulle huwelik of hulle gesondheid.

Selfs in my eie lewe, terwyl ek besig was om “vir God te werk” (soos ek dit altyd gestel het) waar ek in ’n spesifieke gedeelte van die Liggaam van Jesus voltyds in bediening was, het dit my gesondheid gekos.

Ek het op die stadium wat “die pôpô die fan getref het”, op pad gewees na van die hoogste poste moontlik in daardie struktuur; verder was ek leraar van ’n gemeente van 3000 lidmate; het ek tussen al die “normale pligte” van ‘’n predikant, om en by 400 persoonlike besoeke by lidmate per jaar gedoen; plus om en by 350 pastorale gesprekke per jaar gehad; en nog tussen alles deur ’n landswye kinderbediening gehad. Dan was ek nog sportman wat ses dae in die week muurbal gespeel en geoefen het.

Tot ek skielik my mangels moes laat verwyder en op dag 4 weer begin bloei het. In twee weke se tyd het ek bykans 10 kilo’s verloor. En dit was net die begin van ’n afdraande pad. My immuunstelsel het uiteindelik net geknak nadat ek die een antibiotika-kursus na die ander gebruik het. En skielik het ’n latente virus in my liggaam oorgeneem en begin met ’n vernietigingsproses wat my vir 3 jaar stukkie vir stukkie laat doodgaan het.

Lang storie, maar kortliks oorvertel: Ek het in daardie tyd met God gesprekke begin hê wat soos volg geklink het: Here, ek is net 37 jaar oud en besig om dood te gaan. Dit kan nie die einde dié wees nie. Ek weet daar moet meer wees.

En ek het beleef hoe die Here vir my begin sê: Ek gaan jou genees, maar dit gaan die begin wees van ’n totaal nuwe seisoen in jou lewe waarin Ek jou op ’n nuwe manier gaan gebruik, soos Ek jou oorspronklik bedoel het. En … dit is net ’n bobbejaan wat dieselfde foute twéé keer maak!

As ek vandag daarna terugkyk, besef ek ek het nie veel verstaan van die twee laaste dinge wat God vir my gesê het nie. Ek was maar te bly dat Hy my gaan genees, maar wat die res betref, sou ek eers later iets daarvan regtig begin verstaan het. Ek het wel beleef God gee vir my ’n nuwe, tweede kans om weer van vooraf te begin leef.

En ek weet nie van jou nie, maar as ’n mens ’n tweede kans kry om te lewe, fokus jy op die dinge wat werklik belangrik is. Onbelangrike dinge bly dan onbelangrik en belangrike dinge word prioriteit.

In ’n proses van sowat twee jaar sou die Here my gedurig konfronteer met sleutel vrae soos: Wie dien jy werklik dag vir dag in die bediening? Dien jy My of dien jy die betrokke kerkstruktuur in wie

se diens jy is?  As dit in ’n betrokke vraagstuk sou gaan oor wat in die Woord staan en wat die betrokke kerkstruktuur sou sê, wat gaan jy vir My mense leer?

Hoe goed onthou ek nie my eie worsteling met wat die kerkorde beskryf het as die opdrag van ’n dominee in die NG Kerk in ’n gemeente, en die realiteit dat God se salwing en gawes in elkeen van ons se lewe en bediening jou nie toerus om al daardie bepalings van die kerkorde se artikel na te kom nie. Ons is bedoel om deel te wees van ’n span leiers wat net ge-taak was om God se mense toe te rus vir hulle bediening sodat God hulle kan gebruik om mekaar te bedien.

As ons maar net sou doen wat God ons in Sy Woord beveel het om te doen, sou dit nie nodig wees dat een van ons ons in die proses moes uitbrand om te probeer om alles te doen wat die Kerkorde van ons verwag nie.

Daarom moes ek my plek vind in die lig van God se Woord daar in Mat. 6:33.  Moes ek, in die lig van die groter prentjie van Sy Koninkryk boweal te soek, ook uitvind waarvoor ek hier op planeet aarde was en hoe ek in God se groter plan ingepas het.

Ek moes leer om daar aan die voete  van Jesus erns te maak met daardie passies wat vir jare diep in my gebrand het. Daardie dinge wat ek gewoonlik in Jan Alleman se taal beskryf as “dit wat ek 24 uur sewe dae ’n week sou doen as ek genoeg geld in die bank gehad het en nooit weer ’n dag langer hoef te werk vir geld nie”.

As jy my vandag sou uitvra oor daardie tyd in my lewe, sou ek ’n paar dinge daaroor vir jou wou sê. Ek sou wou sê dat ek glo dat daardie 3 jaar van siek-wees nie in die eerste plek God was wat my siek gemaak het nie. Ek weet dit was die vyand se werk. Maar dit is nie wat belangrik is nie. Wat belangrik is, is dat my God getrou gebly het aan Sy Woord daar in Rom. 8:28. Hy het ook daardie verskriklike tyd in my lewe gebruik tot my beswil. Hy het my aandag gehad soos nog nooit in my lewe nie. Ek het tyd gehad om my lewe weer te ondersoek.

Ek het besef ek was ’n Christen wat voltyds in diens van God was, maar tog was soveel dinge in my lewe so skeefgetrek.

Daarom het God ook daardie tyd in my lewe gebruik as die begin van ’n totale transformasie in my lewe.

Ek beskryf dit altyd as hoe God tussen my netjies-gepakte teologiese prentjies ingestap het en die een muur na die ander omgestoot het.  My hele lewe het in daardie drie jaar weer verander.  Amper meer ingrypend as destyds met my eerste, aanvanklike bekering in 1969 toe ek Jesus vir die eerste keer as Verlosser en Here in geloof aanvaar het.

Dan het ek ook die vrymakende Evangelieboodskap deur God se genade nuut leer verstaan. Maar daaroor vertel ek jou volgende keer verder.

## Dag 22 – Die Evangelie in ander woorde

Ek is besig om vir jou te vertel hoe ek in seker die moeilikste tyd in my lewe, terwyl ek besig was om stadig maar seker vir drie jaar dood te gaan aan ’n siekte waarvoor daar geen oplossing was nie, ontdek het hoe God my weer begin getransformeer het.

Hy het selfs my verstaan van die Evangelieboodskap in die tyd verander om my te troos, op te bou, te versterk en heel te maak vir wat Hy vêrder in my lewe vir my in gedagte gehad het. Kom ek vertel vir jou die Evangelieboodskap ’n slaggie met ander woorde, soos ek dit leer verstaan het.

Wanneer 'n sondaar wat op pad is hel toe, maar langs die pad die Evangelie hoor, dit verstaan en begin glo, verander alles. Ons praat altyd van “ons bekering” as ons hieroor praat. In party van ons se lewens gebeur dit op ’n spesifieke dag. In ander van ons se lewens was dit ’n geleidelike proses. Tog was daar heel waarskynlik ’n dag waar jy net geweet het: dit het gebeur. In my lewe was dit die 10de Oktober 1969. Daardie oomblik verstaan jy: ek is nie meer 'n sondaar wat vasgevang en toegegooi is onder sonde en wat die straf wat sonde verdien nie. Ek is vrygemaak. Ek is vergewe. Sonde se mag in my lewe is gebreek en Christus het klaar my volle straf gedra.

Dit is die Evangelie, die goeie nuus vir diegene wat dit glo.

Maar nou wil ek so entjie vêrder met jou stap . Ek wil jou vertel hoe ek die Evangelie NOU verstaan in my lewe, meer as 43 jaar na daardie aanvanklike “eerste bekering” in my lewe.

Kom ek teken gou 'n skets wat my help om die heerlikheid van die Evangelieboodskap vir NOU in my lewe te verstaan.

HIER IS EK NOU

HIER WAS EK voor die Evangelie deurgebreek het.

Destyds, voor my aanvanklike bekering, moes die wet aan my voorgehou word soos 'n spieël om my sonde en totale verlorenheid aan my te openbaar deur die werking van God se Gees. Om my te help besef ek was verlore en vasgevang in sonde. Dit het my help besef dat ek op geen manier God kon behaag of gelukkig maak nie. Ek wou ook nie. Ek wou net my eie pad loop en doen wat ek wou doen.

Voor daardie bekering het my hele lewe daarom ook net om myself gedraai en kon ek niks anders as net sondig nie.

Maar NOU is ek hier.  Nou het ek die Evangelie gehoor, dit alles raakgesien en bely.  Ek het ook in geloof en met groot dankbaarheid alles wat Christus Jesus bykans 2000 jaar gelede reeds gedoen het ook vir my, begin glo en aanvaar as die nuwe waarheid oor my en my lewe.

NOU openbaar die Evangelie my waarde in God se oë. Nou hoor ek dat met Jesus in my lewe, is my lewe waardevol in God se oë. Ek is vir God waardevol.

NOU wil die Evangelie nie meer my sonde oopvlek voor mense nie. Nee, dit het eerder my sonde weggeneem, verwyder. Sodat ek vir die eerste keer vry is om God se seun of dogter te kan wees.

Daarom staan ek nie elke oggend op om in hierdie dag 'n Christen te probeer wees nie. Ek is reeds God se seun of dogter. Ek is reeds Sy kind.

Ek is reeds binne ... Ek is nie meer buite nie. Ek is reeds deel van Sy familie. Ek is nie meer verlore en onder die verwerptes nie.

Ek was daar. Maar NOU is dit nie meer waar oor my nie, want die boodskap van die Evangelie wat ek begin glo het, het dit alles verander.

Dit het ook die manier hoe ek oor myself dink verander. Daarom kan ek nie langer oor myself dink asof ek verlore en verwerp en nie goed genoeg is nie. Dit is verby. Dit is deel van my verlede.

Daarom hoef ek nie meer in God se teenwoordigheid half versigtig en skaam-skaam in te beweeg nie. Ek is Sy kind wat Hy liefhet.

God se Gees het my weder baar. Ek was dood, maar NOU lewe ek. My gees is nuutgemaak. My gees het nou ore wat God se stem kan hoor en ek het geestelike oë wat God se handewerk kan sien en 'n nuwe hart wat God se hartklop kan eggo.

Ek en God het 'n ruil aangegaan daar aan die voet van die kruis toe ek gekies het om die Evangelieboodskap te glo. Hy het my ou, sondige, verlore lewe geneem en vir my die lewe van Christus in ruil teruggegee.

Volgende keer gesels ek vêrder oor die Evangelie soos ek dit in hierdie stadium van my geestelike reis verstaan.

## Dag 23 – Die Evangelieboodskap soos ek dit nou verstaan

Ek het laas jou vertel hoe ek, daar by my aanvanklike bekering meer as 43 jaar gelede, met God ’n ruil aangegaan het.

Ek en God het 'n ruil aangegaan daar aan die voet van die kruis toe ek gekies het om die Evangelieboodskap te glo. Hy het my ou, sondige, verlore lewe geneem en vir my die lewe van Christus in ruil teruggegee.

Hy het daarmee saam die geregtigheid van Christus aan my gegee om NOU ook my geregtigheid voor Hom te word. Hy het Sy genade in Sy volheid aan my bedien sodat ek nooit weer te min genade sou hê nie, maar altyd genoeg sou hê.

Hy het selfs die heiligheid van Christus aan my bedien, sodat Hy, as Hy NOU na my in Christus kyk, my "heilig" kan noem.

Dit is die nuwe waarheid oor my. Dit is wat ek NOU, elke dag, oor myself moet kies om te glo. So moet ek NOU oor myself dink.

Daarom moet ek ophou om myself te veroordeel. Daarom moet ek ophou om te dink ek is nie goed genoeg nie. Ek is tot alles in staat deur Christus in my wat my die krag gee.

Ek kan NOU God opreg liefhê, want Hy het my eerste liefgehad.

Daarom kan ek NOU elke dag opstaan en myself in die spieël kyk en groet: Hallo, kind van God! En ek kan opkyk en sê: Hallo, Hemel Pappa!

Ek is lief vir Hom, en Hy vir my. Ons is in 'n verhouding. Ek is deel van Sy mens-familie op aarde.

Ek probeer nie meer om so te wees of die Christelike lewe te probeer leef nie! Die Evangelie het dit alles verander.

Ek is God se kind en ek is elke dag besig om te leer hoe om Sy kind te wees.

Sy Gees woon letterlik in my as my Hemelse Chaperone, om my hiermee te help. Hy is besig om my te help om nuut oor myself te dink, in lyn met die Evangelieboodskap.

So is Hy besig om wat ek voel te verander, en die keuses wat ek elke dag moet maak, te verander. Hy is besig om my optrede te verander. Want ek is kind van die Koning van planeet Aarde.

Ek is nie meer soos ek was nie. Ek is ook nie meer soos al die ander om my nie. Ek is kind van die Koning van alle konings.

Die Koning van alle konings het my lief. Hy vou my gereeld toe in Sy arms en druk my styf teen Hom vas. Hy klop my gereeld op my skouer en moedig my aan om aan te hou, wanneer ek terug verval in ou gewoontes.

As ek mooi luister, sal ek Hom gedurig hoor sê: Kom aan, jy kan dit doen! Hou net aan! Ek het lank gelede jou hiervoor aanmekaargesit en alles gegee wat nodig is. Mooi so, hou net aan!

Ek het jou selfs gesalf en toegerus deur My Gees, sodat Ek nog soveel meer deur jou kan doen. Ja, dinge wat jy nie eers kan bedink of voorsien nie.

Ek en jy wil nog verskonings maak en terugkrabbel ... Maar Hy sit Sy hand op ons rug en stoot ons met groot verwagting vorentoe terwyl Hy sê: Hou net aan.  Wees net bereid. Ek kan en wil jou gebruik. Ek vertrou jou hiermee. Ek het jou juis hiervoor gekies. Ek het My Seun gegee sodat jy My kind hier kan wees ... Sodat jy My hier kan verteenwoordig.

Dit is die Evangelie NOU.

My identiteit het verander. Ek identiteit van sondaar- en verlore-wees is weggeneem en ek is beklee met KIND-VAN-GOD-WEES.

## Dag 24 – Soveel volgelinge van Jesus verstaan nie werklik die Evangelie nie

Daar is soveel gelowige volgelinge van Jesus wat wel gelowiges is, maar nie werklik die Evangelie mooi verstaan nie.  Ek is ook baie bekommerd daaroor dat ons nie mekaar genoeg aan die goeie nuus van die Evangelie in die Liggaam en Familie van Jesus herinner nie.

Dit is asof ons so bewus is van ons feilbaarheid as mens en dat ons nog steeds kan sondig, dat dit alles oorheers.  Dit maak dat ons net nie kan glo wat die Evangelie NOU oor ons sê nie.  Ons is so bewus ons kan sondig en dat ons nog steeds sondig, dan ons net nie kan glo dat ons nie meer sondaars is wat nee kan sê vir sonde nie.

Ons kan byna nie glo dat ons vrygemaak is van sonde en dat die houvas wat sonde en die bose oor ons gehad het, vir eens en vir altyd in Christus verbreek is nie. Die Evangelie-waarheid is NOU dat ons verlos is.  Ja, dat ons as verloste mense nee kan sê vir sonde en nie meer hoef te sondig nie.

Om te sondig is NOU vir ons 'n keuse.  En as ons sou sondig, gaan ons nie onmiddellik verlore nie. Nee, die oomblik wat ons dit besef, kan ons opstaan en terughardloop na ons Hemel Pappa toe. Kan ons op Sy skoot gaan sit met ons arms om Sy nek, en kan ons net sê: Jammer, Pappa, ons het gesondig. Vergewe ons. Ons gaan dit nie weer doen nie.

Ons hoef nie meer, soos vanouds, weg te hardloop om êrens te gaan wegkruip, of ons met ’n paar vyeblare nie te probeer toemaak nie. Om naak en skaam eenkant te staan, is NOU vir altyd verby. Nee, NOU kan ons glo wat daar in 1 Joh. 1:9 staan: “Maar as ons ons sondes bely-Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”

Dit is die klank en waarheid van die Evangelie.

Sien, as ons dit verstaan, skep dit 'n nuwe vrymoedigheid in ons. Dit laat ons opstaan en laat ons wandel in ons nuwe outoriteit as kinders van die Koning. Dit laat ons besef ons kan werklik liefhê en lewe soos kinders van die Koning.

Solank ons onseker is oor wie ons is, oor wat regtig ons identiteit is, hoe kan ons met vrymoedigheid vir enigiemand iets van waarde gee? Hoe kan ons uitstap in bediening en seker wees dat God ons gaan gebruik as kanale om Sy krag, Sy liefde en Sy woord aan  ander te kan bedien?

Daarom is dit tyd dat ons toelaat dat die waarheid van die Evangelie ons werklik vrymaak.

Daarom is dit ook tyd dat ons toelaat dat die waarheid van die Evangelie ons vrymaak van die wet van ouds. Want die waarheid van die Evangelie is dat Christus die wet reeds in totaliteit vir ons en namens ons vervul het. Hy het klaar die volle geregtigheid vir en namens ons verdien, deur die volle wet namens ons te gehoorsaam.

Daarom, toe Hy met ons die ruil aangegaan het, was hierdie volledige en volkome geregtigheid ingesluit in hierdie ruil. Toe Hy Sy lewe aan ons gegee het, in ruil vir ons ou lewe, het Hy ook aan ons Sy geregtigheid in totaliteit kom gee.

Daarom kon Hy ook aan ons Sy Gees gee om in ons te kom woon as ons nuwe Wet. En Sy Gees, as ons nuwe Wet in ons, leer ons nou wat Sy hart vir ons is.

Vriende, as ons werklik toelaat dat die waarheid van die Evangelie NOU ons gedagtes vernuwe, sal dit ons vrymaak van die leuens wat die vyand ons mee wou bedrieg het.

Jy is klaar deur God aanvaar. Jy is Sy geliefde kind. Jy is klaar vrygemaak en verlos. Jy is aanvaarbaar in God se oë. Jy hoef niks meer te doen om dit te laat waar word nie.

As ons dit verstaan en waaragtig glo, hoef dit nie meer te gebeur dat ons kragteloos vasgevang word deur skuldgevoelens as ons sou sondig nie. Want ons weet: dit is maar net weer die ou mens wat hier kop uitgesteek het. Dit is nie meer wie ons werklik is nie. Ons is NOU nuwe mense, vrygemaak, verlos. Ons hoef nie meer so te wees nie. Ons is nie meer so nie.

Voorheen was dit normaal vir ons om so te wees of so op te tree. NOU is dit abnormaal. Dit is nie meer wie ons NOU is nie.

Daarom noem ons nie eers meer ons self sondaars nie. Daarom gee ons nie meer eers daardie naam of daardie identiteit aan onsself nie. Dit was wie ons was. Ons is nie NOU meer dit nie. Ons is NOU vrygemaakte, verloste, vergewe kinders van die lewende God.

Daarom wonder ek nie meer of ek gered is nie. Ek weet dit verseker. Want ek staan op die Rots, Jesus, en wat Hy NOU sê die waarheid oor my is.

Daarom kan ons Hom dank vir daardie tye wat Sy lig die stukkies van die ou donker wat nog in ons agtergebly het, of wat weer wil deurbreek, belig met Sy lig. Daarom kan ons Hom dank vir Sy heiligmakingswerk en Sy verlossingswerk om die waarheid van die Evangelie en die Lig van die Evangelie oral te laat deurbreek in my lewe ... Ook in daardie areas waar ek tot nog toe self in beheer was.

As jy dit ontdek, terughardloop en spring op Sy skoot ... As jy Hom vra om jou dit te vergewe, doen Hy dit dadelik, want Hy is getrou en regverdig. Sy Seun het immers klaar die straf daarvoor gedra. Daarom kan Hy jou dadelik vergewe en gaan Hy dit nooit weer teen jou hou nie.

Daarom is jy vergewe. En is jy onberispelik in God se oë. Hy is mal oor jou. Hy is lief vir jou.

Hy het Sy koninkryk ook aan jou gegee. Jy is Sy verteenwoordiger in hierdie wêreld. Jy is immers Sy kind.

Natuurlik maak dit nie jou as mens volmaak nie. Maar Hy is met jou besig. Daarom het Hy nog nie opgehou om aan jou en in jou te werk nie.

Sien, jy is nog onder konstruksie, maar Sy Plan is besig om ook in jou lewe stadig maar seker klaar te kom. Hy is besig om ook jou uiteindelik perfek na die beeld van Christus af te rond.

Dit is die goeie nuus van die Evangelie.

## Dag 25 – Om die Evangelie te glo beteken om oor te gee

Een van die beste prentjies van wat werklike Bybelse geloof beteken is totale oorgawe.

As jy wil weet wat dit prakties beteken, stel jou voor iemand neem ’n gewone stoel en sê die volgende vir jou daaroor:

Kyk mooi na hierdie stoel. Die fabriek wat dit gemaak het, is oortuig dat dit die meeste mense se gewig baie maklik kan dra. Ek en jy kan ook dink, en dit selfs vir ander sê, dat ons oortuig is dat hierdie stoel ons gewig kan dra. Maar voordat ons nie met ons volle gewig op hierdie stoel gaan sit of staan sonder om aan enigiets anders vas te hou nie, wys ons nie werklik dat ons hierdie stoel vertrou nie.

Ons kan hierdie beeld net so toepas op God en dit wat Hy ons belowe in die boodskap van die Evangelie. Voordat ek en jy nie besef dat al ons eie pogings gedoem is tot mislukking, en ons nie onvoorwaardelik onsself en ons toekoms ten volle aan God en dit wat Hy aan ons in die Evangelie beloof toevertrou nie, verstaan ons niks van wat ware Bybelse geloof beteken nie.

Hierdie totale oorgawe in geloof is seker die moeilikste ding vir die meeste van ons om te doen. Nie net daar by ons eerste bekering nie, maar ook telkens as God ons weer op ’n punt bring waar ons alles in ons lewe moet oorgee aan Hom en Sy planne en oplossings vir ons lewe.

Om ten volle, onvoorwaardelik oor te gee is baie moeilik vir mense wat oortuig was dat volwassenheid en groot-word beteken om totaal onafhanklike, self-versorgende mense te wees wat op jouself aangewese is vir wat jy in die lewe wil hê en wil beleef.

Maar as God jou werklik iets laat sien het van hoe Hy jou sien, het jy net een van twee keuses: Jy kan óf Hom teëgaan, óf jy kan Sy genade en hulp aanvaar en totaal oorgee en Sy planne vir die res van jou lewe aanvaar.

Baie keer is dit dan ook waarom ons soms eers deur ’n stuk swaar en krisis moet gaan om op daardie punt te kom waar ons bereid is om totaal oor te gee. Sien, solank ek nog dink ek het oplossings wat kan werk, kan en sal ek nie volkome kan oorgee nie.

Daar waar ons dan kies om oor te gee, aanvaar ons ook God se Woord oor ons lewe, naamlik dat ons net werklik geluk en sinvolheid in ons lewe kan belewe as ons oorgee aan Sy planne vir ons lewe.

Die Bybel beskryf dit met baie woorde en uitdrukkings. Een daarvan is, tot ons verbasing soms, dat Hy ons “heilig maak”. Wat niks anders beteken as om met Hom te begin saamstem dat jy vir ’n baie spesifieke rede op hierdie aarde is en êrens spesifiek inpas in Sy groter plan. Daarom moet jy Hom as’t ware toelaat om jou van al die baie dinge waarmee jy al die jare so besig was, en wat so baie van jou tyd en energie gevat het, te onttrek en jou spesifiek te taak, eenkant te sit, af te sonder, vir daardie spesifieke dinge waarvoor Hy jou in detail beplan en bedoel het.

Dit vereis oorgawe, want jy moet verstaan jy het nie meer sê nie. Jy is letterlik in iemand anders, Iemand met ’n hoofletter, se diens. Jy is nou Sy eiendom van kop tot tone, of jy eet, slaap en of jy wat ook al doen.

Daarom is die lewe nie meer vir jou net om tyd, energie en geld te gebruik om jouself, jou besigheid, jou begeerte en luste elke dag te probeer bevorder en te bedien nie.  Die lewe het vir jou baie meer geword as dit.  Dit het vir jou geleenthede geword om in Jesus se voetspore te loop wat voor jou uitloop en wat jou nou wil lei met Sy stem.

Dit is asof jy vir die eerste werklik besef het dat die lewe oor baie meer gaan as net jouself.

Daarom is hierdie fase van jou lewe op jou geestelike reis ’n aflê van hierdie ou dinge en ’n hernieude aanvaarding van jou nuwe identiteit in Christus en en God se plan en bedoeling vir jou lewe.

As ons werklik verstaan en glo wat daar aan die kruis gebeur het … dat Jesus daar gehang het omdat Hy ons liefhet … verander alles. As ons verstaan dat Hy daar gehang het om ons te verlos van alles wat kon maak dat ons lewe op aarde totaal sinloos sou wees, en om nuwe betekenis en sin vir ons lewe vir vorentoe aan ons te gee, verander alles.

Ja, dan word selfs hierdie oorgawe, ’n oorgawe aan ’n Vriend wat ons, ag so, liefhet.  Dan word dit ’n oorgawe aan ’n nuwe Koning en Here in jou lewe wat die begin gaan wees vir ’n totaal nuwe begin in jou lewe.

Dit word soos ’n nuwe vennootskap waarin jy instap, waarin God die besturende Vennoot word en jy Sy junior vennoot, wat Hom moet verteenwoordig op planeet aarde.

Om elke dag te doen wat jy moet doen, moet jy telkens, partykeer baie keer per dag, net weer her-commit aan jou Besturende Vennoot en Sy planne en agenda vir die besigheid.

Dit gaan party dae soos ’n oorlog wees, ’n oorlog waar dit gaan oor jou hart, verstand, siel en liggaam. God se ewige vyand het geen plan om dinge vir jou maklik te maak nie. Daarom is dit belangrik om heeltyd jouself te herinner aan die feit dat jy nou ’n nuwe identiteit en lewensdoel het.

Maar soos hulle sê: Moenie jou bekommer oor die klein en onbelangrike dinge in die lewe nie. Daar waar jy God se koninkryk en Sy planne in jou lewe begin najaag, word al die ander dinge onbelangrik en hoef jy jou nie meer daaroor te bekommer nie, want jy weet God sal vir die res self sorg.

## Dag 26 – Geestelike roetines om jou te help op jou reis

Deur die eeue het gelowiges gevind dat daar ’n klompie roetines of geestelike dissiplines is wat hulle gehelp het in hulle totale oorgawe aan die Here.

Natuurlik is daar ook verwysings hierna in die Skrif, soos Jes. 50:4 waar daardie volgende staan: “Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos ‘n leerling moet luister.”

Van die belangrikste dinge wat hulle vir mekaar geleer het om elke dag te doen, is: om God te loof en te aanbid, om Sy wil te gehoorsaam, Hom en mense om lief te hê en met vreugde te dien in alles wat jy doen.

Hulle het dit sommer afgekort na dien, liefhê, gehoorsaam en aanbid.

As ek met kinders besig is, leer ek hulle die lesse wat die vyf vingers van ons hand ons elke dag leer:

Ons duim leer ons: Lees jou Bybel elke dag om sterk te wees soos die duim.

Ons wysvinger leer ons: Bid elke dag deur met God te praat en tyd te maak om na Hom te luister.

Ons middelvinger leer ons: Om uit te staan en deur jou anders-wees te getuig en ander oor God te vertel.

Ons ringvinger is meestal ons krom vinger en hy vertel vir ons: Vir daardie dae wat iets van die krom ou vlees nog deurslaan in ons lewe, bely daardie sonde voor die Here, aanvaar Sy vergifnis en kies om dit nie weer te doen nie.

Ons pinkie, as ons swakste vinger, leer ons: Op sy eie is die pinkie maar swak en kan hy maklik seerkry, maar as deel van die hand is hy sterk. Daarom is dit nodig dat elke gelowige deel moet wees van ’n familie gelowiges wat gereeld byeenkom om mekaar te versterk en te bedien.

Van die ander geestelike dissiplines wat ons kan help om toegewyd en oorgegee te lewe elke dag is die volgende:

Maak tyd om elke dag oor die seëninge in jou lewe na te dink. Maak elke dag tyd om na te dink oor al die seëninge en genade wat joune is in Jesus Christus, maar ook oor al die ander seëninge en goedheid van God wat ons soms sommer net vanselfsprekend aanvaar. Besef hoe goed en getrou God elke dag vir jou en jou geliefdes is.

Raak elke dag stil voor God en dink na oor hoe vêr pad Hy reeds met jou gestap het. Natuurlik is jy steeds in staat om te sondig, maar sonde is nou ’n keuse wat jy maak. Bely daardie dinge wat jy steeds kies om te doen wat jy weet nie God se plan vir jou lewe is nie. Aanvaar opnuut Sy onvoorwaardelike liefde en vergiffenis en kies opnuut om hierdie nuwe pad en lewe saam met Hom dag vir dag te stap.

Maak tyd om die skepping te geniet. Moenie so besig raak dat die wonder van die skepping en dit wat God gemaak het om ons lewens op te vrolik en ’n genot te maak sommer net by ons verbygaan nie. Maak tyd om weer die klein dingetjies in die natuur en in die skepping raak te sien en te geniet.

Gaan stap sommer net weer in die natuur en loof die Here vir wat jy weer opnuut rondom jou ontdek.

Maak tyd om elke dag iets van jou klein-wees te ontdek. Jy is uniek en daar is niemand soos jy nie, maar tog is jy een van sewe miljard mense op hierdie aarde, met wie God ook elke dag besig is. Vind opnuut jou betekenis tussen al hierdie mense daarin dat God jou kan gebruik om van hierdie mense tot diens te wees net soos net jy alleen kan.

Memoriseer die Skrif. Natuurlik gaan dit nie daaroor om ander te beïndruk oor hoe goed jy die Bybel ken nie. Nee, dit gaan daaroor om die waarheid van die Woord "te eet" en deel te maak van jou sisteem. Jy weet en glo immers dat God se Woord lewend en aktief aan die werk is en dat daarin 'n dinamiek is wat dinge in jou en jou lewe kan doen soos niks anders nie.

Loof die Here onophoudelik. Miskien voel jy dat jy nie eintlik 'n stem het wat op die noot kan bly en mooi is om na te luister nie, maar maak tyd om te luister en selfs saam te sing as ander die Here loof en prys. Maak tyd vir goeie geestelike musiek in jou lewe. Daar is min dinge wat 'n mens se gees so kan opbeur as dit.

Getuig. Om elke dag tyd te maak om vir iemand 'n kort storie of twee te vertel oor wat die Here tans in jou lewe aan die doen is, beteken nie net vir daardie mens iets nie. Dit gaan jou opbou soos min ander dinge dit kan doen.

Wees vrygewig. Jesus het nie verniet gesê dat dit vir ons beter is om te gee as om te ontvang nie. Daar kom iets in ons los as ons begin weggee van die baie seën wat God elke dag in ons lewens so ryklik gee.

## Dag 27 – Die vrug van totale oorgawe in ons lewens

Kom ons som 'n bietjie op wat ons dusvêr reeds oor ons geestelike reis as volgelinge van Jesus vir mekaar gesê het.

Ons het hierdie reeks begin deur vir mekaar te sê dat die heiligmakingsproses waarmee die Heilige Gees in elke volgeling van Jesus besig is, 'n lewenslange proses is wat tot die einde van ons lewe op aarde aanhou. Na 'n wêreldwye ondersoek onder Christene en nie-Christene hieroor onderskei George Barna 10 verskillende punte of stoppe waar mense op hierdié geestelike reis kan wees in hulle lewens. Kom ek noem net weer vir jou die 10 stoppe:

Stop 1: Waar mense totaal onbewus van sonde is

Stop 2: Waar mense wel bewus van sonde word, maar dit ignoreer

Stop 3: Waar sonde vir jou erns geword het en jy die implikasies van sonde in jou eie lewe besef

Stop 4: Waar 'n mens sy sonde bely en Jesus Christus in geloof vra om hulle Verlosser te wees

Stop 5: Waar hierdie nuwe volgelinge van Jesus hulleself commit tot allerlei geloof aksies en geloof aktiwiteite

Stop 6: Waar volgelinge van Jesus 'n periode van geestelike droogte of frustrasie beleef

Stop 7: Waar volgelinge van Jesus hulle eie totale gebrokenheid opnuut besef

Stop 8: Waar volgelinge van Jesus kies om radikaal oor te gee en Jesus as Koning met hulle hele lewe te volg

Dit is waaroor ons die twee laaste geleenthede oor gesels het. Hierna gaan ons gesels oor die twee laaste stoppe op hierdie reis as volgeling van Jesus op aarde, naamlik:

Stop 9: Waar volgelinge van Jesus 'n nuwe verdiepte intimiteit en daaglikse liefdesverhouding met Jesus beleef

Stop 10: Waar volgelinge van Jesus 'n nuutgevonde passie en liefde vir die wêreld en die mensdom om hulle beleef.

Vandag wil ek ons gesels oor die agste stop op ons reis afsluit deur 'n paar opmerkings te maak oor watter verskil so 'n hernieude oorgawe in 'n volgeling van Jesus se lewe prakties gaan maak.

Ek beleef dat so ''n hernieude oorgawe ook die res van ons lewe totaal vereenvoudig.

Natuurlik werk ons steeds hard, maar met 'n groter erns, want ons doen dit immers nou vir die Koning van alle koning. Daarom gaan dit nie meer vir ons oor die geld of eer of sukses as sodanig nie. Daardie dinge is steeds belangrik en deel daarvan, maar dit is nou alles deel van 'n groter prentjie. Dit is deel van die stukkie legkaart en rol wat ek moet speel in diens van God se Koninkryk wat besig is om te kom.

Miskien gaan die groot verskil wees daar waar ek nie werk nie, waar ek ontspanne by die huis en tussen my eie mense is.  Omdat ek verstaan hoe belangrik my verhouding met my vrou of man en met my gesin vir God is, maak ek weer tyd vir hulle en maak ons tyd om dinge saam te doen en God se skepping saam te geniet. Ons maak weer tyd om God saam te dien en saam te aanbid.

Ook in ons persoonlike lewe vind ons weer genot daarin om tyd met God te spandeer: om Sy Woord te lees, sommer net in gebed stil te word aan Sy voete, en in die natuur Sy handewerk te geniet.

In my lewe was daar 'n merkwaardige nuutgevonde rustigheid en vrede, wat so anders was as die geweldige gedryf-wees van vroeër.

Dit is asof jy soveel duideliker die groter prentjie begin raaksien.

Selfs dit wat sogenaamd jóú goed was en wat vir so lank so belangrik vir jou  was, het eintlik onbelangrik geword. Jy het meer en meer soos 'n bankbestuurder begin dink en voel wat verstaan het dat niks hiervan eintlik werklik joune is nie. Jy is maar net bedoel om die bestuurder daarvan te wees en dit aan te wend soos die hart van die werklike Eienaar, Jesus Christus, jou Koning, daarmee is.

Skielik was jy vry!

Jy kan dit amper nie vir mense beskryf nie. Maar hierdie gevoel van vryheid en vry-wees is seker een van die belangrikste en merkwaardigste stukke vrug van hierdie transformasieproses tot hier in jou lewe.

## Dag 28 – Om God boweal lief te hê

Waar my eie ek en self, sonde en, hoe noem die Bybel dit, die wêreld en sy begeerlike dinge, eenkant en uit die pad in my lewe is, los dit ’n merkwaardige vakuum in ons lewens as volgelinge van Jesus. Dan is die natuurlike volgende vraag: Waarmee gaan ons nou hierdie vakuum vul?

Dit is waar ’n mens agterkom hoe leeg jou lewe eintlik is ten spyte van jou beste pogings en volgehoue betrokkenheid in gemeentes en al die gemeentelike bedrywighede. Steeds is daar hierdie honger en dors na God en Sy hart vir jou lewe. Skielik is daar nou plek en geleentheid vir God om jou op die mees merkwaardige maniere iets van Sy onvoorwaardelike liefde te laat proe en te laat ervaar.

Dit is hier waar stoppe 9 en 10 inpas in ons lewens as Jesus se volgelinge.

Miskien moet ek net eers verduidelik wat ek hier met die woord “liefde” bedoel. Ons is so gekontamineer met wat die wêreld as liefde beskryf. Ons praat nie hier van daardie soetsappige, leë soort liefde wat eintlik maar net om jouself en die bevrediging van jou eie behoeftes draai nie. Nee, hierdie liefde van God oortuig jou dat Hy werklik vir jou omgee; dat Hy jou en al jou behoeftes in die fynste detail wil versorg; dat jy Hom kan vertrou; dat Sy liefde vir jou onvoorwaardelik en permanent is.

Natuurlik kom dit, soos alle ware liefde, van twee kante. Daarom gaan jy dit nie beleef as jy nie totaal commit en jou oopstel vir hierdie soort liefhê van God se kant af nie. Solank as wat jy nog jou vertroue en hoop op allerlei ander dinge en ander plekke sit, gaan jy nooit werklik beleef wat God vir jou wil laat ervaar as Sy kind nie.

Daarom begin hierdie liefhê met ’n passievolle soeke en dors na God en om in so ’n totaal oorrompelende liefdesverhouding met Hom en Hom alleen te wees.

Dit is soos ’n huwelik wat net kan werk omdat albei partye met niks minder as dit tevrede kan en wil wees nie. Waar dit dus nie net oor gevoel gaan nie en jy nie bloot reageer op hoe jy vandag voel nie. Nee, dit is soos ’n verbondsooreenkoms wat julle met mekaar gesluit het om, kom wat wil, elke dag te kies om mekaar lief te hê; te kies om tyd te maak en maniere te soek om ook emosioneel iets van hierdie liefde saam te beleef en te ervaar; wat ook ’n liefhê met jou lyf insluit; en dan natuurlik ook daardie geestelike een-wees en een-word gaan insluit. Dit is hierdie keuse dat niks in die pad gaan staan om hierdie liefde tussen julle te versorg, te vertroetel en te laat groei tot die beste wat dit kan wees, al kos dit wat. Geen prys is te veel om dit te bereik nie.

Om God te wil liefhê en te wil dien, word die kern en hart van jou bestaan, elke dag, in wat jy ook al doen en waar jy ook al is. Jy het nie meer ’n krisis nodig om jou aan God te herinner nie. Hy is in jou gedagtes die hele tyd; jou hart is heeldag met Hom besig; en jou begeerte is om Hom plesier te verskaf.

Om Hom te vertrou om te doen wat Hy gesê en belowe het, kom amper vir jou soos ’n tweede natuur en gemaklik die meeste van die tyd. Natuurlik is daar dae wat jy maar weer sukkel, maar die meeste van die tyd is dit eintlik so “natuurlik”.

En ja, jy hoor God se stem met jou praat. Gedurigdeur. En nee, jy is nie skisofrenies nie. Jy beleef maar net wat Jesus, jou Verlosser en Koning vir jou daar in Joh. 10:3 tot 5 belowe het. Dat jy Sy stem gaan hoor tussen al die stemme deur wat jy elke dag hoor. Ja, dat Hy jou gaan lei deur Sy stem. Daarom het jy so ʼn begeerte om Sy Woord te lees en op plekke en geleenthede te wees tussen Sy kinders, waar God deur Sy Gees en deur die gawes van die Gees ruimte het om te werk en te praat soos en hoe Hy wil.

Hy het jou lewe geword. Jy gee nie net meer 5 of tien minute vir Hom elke dag en ʼn uur of twee éénmaal of twéé maal ʼn week nie. Jou lewe is onafskeidelik deel van jou geloof en liefde vir Hom. Alles, alles gaan oor Hom. Oor Jesus.

Jy gaan hierdie soort liefde ervaar. Dit kan nie anders nie. Daar waar ons Jesus so leer liefkry en ons oop is vir Sy liefde, gaan jy dit beleef. Dit gaan nie net mooi, vroom woorde wees en bly nie. Jy gaan beleef en ervaar hoe lief Hy jou werklik het.

Hoe gebeur dit?

Jy gaan in die eerste plek hierdie totale, onverstaanbare, gedurige vrede beleef in jou lewe. Hoe kan dit anders? As en wanneer jy beide die versekering en daaglikse ervaring het van God se konstante, onophoudelike liefde vir jou en wete dat Hy nie kan lieg nie, hoe kan jy anders as om Hom te vertrou en jou nie te hoef bekommer nie. Hy belowe dan dat Hy alles sal gee wat jy nodig het en dat Hy selfs die slegste van slegte situasies kan omdraai en die beste vir jou daaruit kan laat kom.

Hierdie onophoudelike gesprek met God waar jy met Hom kan en mag praat en Hy met jou gaan praat, gaan ʼn verdere kenmerk van hierdie liefdesverhouding wees. Dit kan immers nie anders nie. Kommunikasie is immers die hart van enige liefdesverhouding en ons liefdesverhouding met Jesus gaan ook so wees. Hy is immers jou Geliefde en jy is Sy geliefde.

Die Woord sê daar in Rom. 8 vir ons dat as ons weet Hy het ons lief, is daar niks waarvoor ons te hoef vrees of bang wees nie. Ons hoef nie eers vir die dood te vrees nie. Sy liefde vir jou en jou liefde vir Hom verplaas en vervang alle vrees. Wanneer ʼn mens tussen geliefdes is, waar jy beleef daar vir jou, presies soos jy is, ʼn sagte en veilige plek is om te val, voel jy veilig en sekuur. Hoeveel te meer in die handpalm van die Verlosser en Koning wat totaal in beheer is in jou lewe! Omdat jy Hom liefhet, wil jy graag ten alles koste Hom gelukkig maak en doen wat in Sy hart is. Natuurlik gaan jy nie altyd daarin slaag nie, maar dit gaan jou hart en begeerte wees.

Waar dit waar is in jou lewe, gaan God se Gees ook hierdie vreugde ("joy" noem die Engels dit) beleef. En dit het niks te make met jou omstandighede of net bloot met emosie nie. Dit lê baie dieper as dit.

Maar hiermee saam gaan daar tog ook ʼn hartseer gepaard, oor die hóéveel miljoene mense wat, omdat hulle nie Jesus ken en vertrou as Verlosser en Here nie, op pad hel toe is en nog stééds totaal verlore is. Daarom is daar hierdie dringendheid in jou om gedurig, sonder ophou mense van Hom te vertel. Dit kan ook nie anders nie, want soos wanneer jy verlief en werklik lief is vir iemand, kan jy nie anders as om heeltyd oor Hom met ander mense te praat nie. Waarvan die hart van vol is, loop die mond van oor!

## Dag 29 – My liefdesdans met Jesus

Ek wil so ’n bietjie saamvat wat ons tot nou oor hierdie fase op ons geestelike reis gesê het. Miskien moet ek ’n prentjie oor die huwelik gebruik wat my help om dit beter te verstaan.

Sien, ek en my vrou was vanjaar, in 2012, reeds 35 jaar lank getroud. Ons het met mekaar getrou omdat ons oortuig was God het ons vir mekaar bedoel. Ons was bedoel om mekaar lief te hê met alles wat ons het en om mekaar te bedien met alles wat ons het terwyl ons gekies het om deurentyd mekaar te vertrou om aan mekaar trou te bly.

’n Mens kan die huwelik ook beskryf as ’n liefdesdans van twee getroudes. Ons liefde vir mekaar is die musiek wat die hele tyd speel terwyl ons mekaar se behoeftes in ag neem en mekaar bedien. Natuurlik vereis dit dat ons moes leer om openhartig met mekaar hieroor te kommunikeer. Anders, hoe sou my maat heeltyd weet, wat ook al gebeur, wat ek ook al doen of sê, selfs wanneer ek die een boeboe na die ander maak, dat ek hom/haar steeds liefhet.

Natuurlik raak ons soms so behep met onsself en ons eie behoeftes dat ons vergeet dat dit eintlik hieroor in die huwelik gaan. Soveel so dat ons nie meer die musiek tussen ons mooi hoor nie en, daarom, op mekaar se tone trap in hierdie huweliksdans.

Diegene van julle wat weet, weet wat moet ’n mens doen wanneer jy op mekaar se tone begin trap terwyl jy dans. Jy moet onmiddellik stop, mekaar in die oë kyk en daaroor kommunikeer. En dan moet julle weer kies om van vooraf na die musiek tussen julle te luister en kies om verder saam te dans.

Ons verhouding met God en met Jesus as Verlosser en Here, is in die eerste instansie ’n liefdesverhouding. In ’n sin is ons dus ook besig om heeldag en aldag in mekaar se arms saam te dans.

Gedurende hierdie fase van my geestelike reis het ek intens daarvan bewus geraak van my eie gebrokenheid en hoe behep ek nog met myself is.  Al is ek verloste kind van God en lief vir Jesus.

Dit is mos, gedurende hierdie fase, meer as ooit in ons verhouding met mekaar, asof God se lig al die donker kolle en areas in my lewe so sterk belig dat ek intens daarvan bewus word.

Natuurlik is Sy hart nie om my te laat skuldig en laat veroordeel voel nie. Sy hart is dat ek juis gedurende daardie tye Sy liefdevolle arms om my sal voel wat my nooit sal en wil los nie. Hy wil juis hê dat ek in hierdie tye weer die klanke van die musiek van die Evangelie nuut sal hoor. Dat ek weer sal ontdek dat Sy liefde vir my onveranderlik bly en gebly het.

As Hy my kon liefhê met ’n onvoorwaardelike liefde voor my eerste, aanvanklike bekering en “ja sê” toe Hy my vertel het van Sy liefde en my gevra het om Syne te word … hoe sal Hy my dan nie nou ook nog steeds kan liefhê ten spyte van my gebrokenheid, liefdeloosheid en ontrouheid nie!

Sy hart is om my te genees en verder heel te maak. Sy hart is om my liefde vir Hom te verdiep en te verbreed.

Daarvoor het Hy my openheid en bereidheid nodig om vir Hom oop te maak en ruimte te gee om die kwaad wat daar nog is … die donkerte … uit te sny, te verbind en te genees. Sodat ons liefde, ons intimiteit met mekaar, kan verdiep en weer nuut en opwindend kan word.

Maar om oop te maak, moet ek kies om te glo dat Hy my nog stééds liefhet. Moet ek kies om Hom weer absoluut te vertrou. Ek moet kies om Sy hart, bedoelinge en Sy planne met en vir my ten volle te vertrou. Ek moet weer kies om Sy wil, Sy beloftes en Woord aan my vir my lewe ten volle te vertrou. Ek moet kies om te glo dat Hy werklik net die beste vir my in gedagte het; dat Sy genade en liefde vir my elke dag genoeg sal wees; dat Hy getrou sal wees aan Sy beloftes aan my en dat Hy my werklik wil seën.

Ek sal moet kies of ek werklik kan glo dat Hy selfs my gister en eergister kan vat en alles skoon kan vee en dit opreg bedoel as Hy sê: Kom ons begin weer. Maar onthou, dit is ’n nuwe begin hierdie keer … net weer.

Hierdie keuse is nooit maklik nie. Maar sommige tye is dit moeiliker as ander tye.

Miskien verstaan jy beter as ek jou herinner aan Jesus op Sy knieë daar in Getsémané. Toe Hy moes kies om Sy Vader se plan en wil vir Sy lewe te aanvaar as die beste vir nou. Al sou dit lyding en pyn … en selfs die dood beteken.

Ja, Hy moes kies om te glo dat dit nie die einde was nie, maar die begin van iets nuuts: ’n Wonderlike intieme liefdesverhouding met mense op aarde wat voorheen, as gevolg van hulle sonde, nie moontlik was nie. Sy dood aan ’n kruishout, as die Onskuldige vir die skuldiges, sou dit begin wees van die onmoontlike om te gebeur: gewone menskinders sou, as hulle glo dat Hy dit ook vir hulle gedoen het, kinders van God word, wat in permanente liefdesverhouding en –dans daagliks 24 uur elke dag met hulle Vader en Geliefde kon ervaar.

## Dag 30 – Ons liefdesdans met die mense om ons

Laas het ek met jou gesels oor my en jou intieme liefdesverhouding met 'n lewende Jesus Christus dag vir dag as Sy volgelinge. En ek het dit vergelyk met die dans van twee getroudes met mekaar in die huwelik.

Maar dit gaan natuurlik baie verder uitkring as net dit. My liefdesverhouding met Jesus Christus, onder die beheer van Sy Gees in my lewe, gaan my ook leer om in liefde te dans met die mense rondom my.  Van my naaste van naastes, my huweliksmaat en my kinders, my gesin en wyer familie, tot na my vriende, bure, mense by die werk en hulle wat sporadies my pad deur die week kruis.

Want, hoe sê die Here daar in 1 Joh. 3: 16-19: "Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.

Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie-hoe kan die liefde van God in hom wees?

Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.

Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring."

En in 1 Joh. 4:20 – 5:1: "As iemand sê: 'Ek het God lief,' en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.

En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is."

Daar kan dus nie sprake wees van geestelike groei op hierdie geestelike reis van ons as volgelinge van Jesus as dit nie die mense rondom ons impakteer nie.

Daarom hoor ons hoe Paulus daar in Gal. 5:16 tot 26 sê dat waar God se Gees ons lewe begin beheer en Jesus Christus werklik die Koning is en ons Hom gehoorsaam, is die vrug van Sy Gees se werk in ons lewe: "liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Dit gaan dus noodwendig die verhoudings en kwaliteit van ons verhouding met ander mense dramaties verander.

Daarom gaan ons nie net kan fokus op hoe die gawes van die Gees in ons lewe en deur ons werk nie. Want sonder 'n liefde vir die mense om ons, sê 1 Kor. 13, is dit leeg en sonder werklike betekenis.

"Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.

Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.

Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie.

Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid.

Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles." (1 Kor. 13:1-7)

In die stukkende wêreld waarin ons woon, vol stukkende mense, draai meer as 80 tot 90 persent van hierdie mense se lewens net om hulleself. Hulle kan nie anders nie. Dit is hoe sonde en vasgevang wees in sonde hulle verander en degradeer het.  Al doen hulle die mooiste, beste liefdesdiens en gee hulle miljoene van hulle geld aan ander.

En ons was ook so.

Daarom is hierdie transformasie wérk wat God in ons doen, die moeilikste en mees uitdagende ervaringe wat ons hier op aarde sal deurgaan en beleef.

Daarom was deel van die profetiese woord van verlede jaar, 2012, gewees dat die Here ons gaan leer om mekaar "dieper" lief te hê as nog ooit in ons lewe.

Vir baie van ons gaan dit dalk beteken dat ons God moet toelaat om ons te leer om "te waag" om sekere mense as't ware van vooraf weer te leer liefkry.

Ek sê "waag", want hulle het ons dalk tot nou toe langs die pad so seergemaak, so vertrap, so emosioneel leeg getap. Dalk voel ons ons het aan die einde van ons eie kragte en ons eie vermoëns gekom om te probeer om hulle lief te hê en vir hulle lief te bly. Miskien kan ons ons nie eers indink dat ons hulle ooit weer genoeg kan vertrou om weer te probeer nie.

Dit is hier wat God voor ons kom staan en vir ons kom sê: Jy moes eers hier kom, voor jy kan verstaan dat jy uit jou eie krag en uit jou eie vermoëns nooit werklik mense kan liefhê nie.

Dit is op hierdie punt dat jy weer moet kies. Dit is die tyd dat jy die lewe in jou, die lewe van Jesus in jou, en Sy Gees wat in jou woon, moet leer vertrou om deur jou daardie mense weer van vooraf lief te hê. Dit is wat Ek daar in Gal. 5 bedoel het toe Ek vir jou in My Woord gesê het om My Gees in jou toe te laat om die volle beheer oor te neem. As jy dit nie gaan doen nie, gaan jy telkens jou vasloop teen jou ou vlees wat nie ander mense kan en wil liefhê nie en wat telkens gaan vasloop teen al die ou vlees in hulle. Dit is net as My Gees in volle beheer van jou lewe is, wat jy en hulle die vrug sal sien van Sy bonatuurlike werk in jou. Dan sal hulle die vrug van  "... liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing ..." sien.

## Dag 31 – Om te leer om lief te hê

Een van die mees uitdagende punte in hierdie hele geestelike reis met Jesus is om op daardie punt in jou lewe te kom en te ontdek dat jy, uit jouself, nie werklik mense kan en wil liefhê soos God dit van ons verlang nie. Dit is alleen moontlik waar jy die Gees van God en die lewe van Jesus Christus in jou die volle beheer gee om dit te doen soos net Hulle dit kan doen.

Telkens gaan jy hierdie "wurm" in jouself ontdek, wat heeltyd hierbinne in jou hierdie krieweling veroorsaak oor wat mense om jou doen en sê. Dit is soos 'n stuk harde teerpad wat jy onverwags in jou hart ontdek waar daar eintlik 'n soepel stuk vrugbare land moes wees!

Vriende, laat ons nou maar aan mekaar erken: Die meeste mense om ons is nie maklik om lief te hê soos wat Jesus mense liefhet nie!

Om mense onvoorwaardelik lief te hê met al hulle nonsens en al hulle bagasie en eelte uit die verlede, is nie menslik moontlik nie! Net Jesus in jou deur Sy Gees, kan mense so begin liefkry!

Om iets van Stop 10 te beleef, hierdie ekstreme onvoorwaardelike soort liefhê van mense, is alleenlik moontlik as ons so leeg word van onsself, werklik daardie leë, gebarste kruike word waarvan 2 Kor. 4 praat en God ons totaal kan vul met Sy liefde.

Om werklik lief te hê kan eers gebeur as God jou gees verander en nuutgemaak het deur die Lewe en Gees van Jesus aan jou te bedien. Dit is mos wat gebeur het toe jy Jesus aangeneem het as Verlosser en Here en God se Gees jou wederbaar het.

Daarna kan Hy jou transformeer deur Sy liefde in jou. Dan kan Hy begin om jou gedagtes en manier van dink oor mense te vernuwe deur Sy Gees en Sy lewe in jou. Daarna gaan Hy jou emosies en gesindhede verander. En dit kan jou daar bring waar jy ongedwonge ander keuses begin maak en jy anders begin optree in die lewe van elke dag.

As 'n mens mooi oor hierdie hele proses van verandering dink, dan is dit dus nie eers inderwaarheid jy wat mense so gaan liefhê nie. Dit is Jesus self, wat deur Sy Gees in jou, mense gaan liefhê, meestal ten spyte van onsself.

Daar waar ons totaal oorgee sodat Hy in beheer kan wees, gee Hy ons hierdie nuwe oë om na die wêreld en mense om ons te kyk. Hy gee ons hierdie nuwe ore om Sy stem te hoor en 'n nuwe geestelike verstand om die realiteite en gebeure om ons nuut te interpreteer. Ons kry ook 'n nuwe hart om iets van Sy liefde en Sy pyn te beleef.

Dit is wanneer hierdie wonderwerk in ons begin gebeur: wat ons "medewerkers van God" word wat God kan gebruik om instrumente te wees van transformasie. Dit is wanneer Hy ons kan begin gebruik om mense in Sy Naam, met Sy liefde en genade en seën en genesing te seën.

Dit is wanneer Hy ons kan gebruik om Sy instrument te wees om 'n draaipunt in ander se lewens te veroorsaak wat hulle kan motiveer om te bekeer en van nuuts af 'n heilige lewe na te strewe.

Miskien het jy al gehoor van die “mekaar tekse” in die Bybel. Dit is daardie Skrifgedeeltes in die Bybel wat beskryf hoe ons as volgelinge van Jesus geroep is om mekaar te behandel en teenoor mekaar op te tree.

Ek glo daar is eintlik nie ’n beter manier as hierdie “mekaar tekse” om prakties te verduidelik waaroor ons hier besig is om te gesels nie.

In die Bybel is daar omtrent 25 sulke “mekaar”-opdragte wat ek glo ons in vier kategorieë kan verdeel:

1. Wees lief vir mekaar en waardeer mekaar

Hierdie kategorie sluit dan al die gedeeltes in waar ons beveel word om mekaar as volgelinge van Jesus werklik lief te hê; in harmonie met mekaar te lewe; mekaar onvoorwaardelik te aanvaar; alle jaloesie en naywer te vermy onder ons; vir mekaar om te gee; geduldig en vriendelik teenoor mekaar te wees; en dit te geniet om onderlinge gemeenskap met mekaar te hê (of om tyd te maak om sommer net mens op alle vlakke en maniere met mekaar saam te wees).

2. Beskerm mekaar

Ons is geroep om na mekaar se beste belange om te sien. Wat dan ook sal beteken dat ons mekaar sal waarsku en sal vermaan waar dit gaan oor sonde, bedrog en moontlike verharding teenoor God.

3. Help mekaar om geestelik te groei

Die Bybel sê ons moet mekaar “opbou”; mekaar bemoedig; ons moet mekaar help deur mekaar met ons geestelike gawes te bedien; ons moet mekaar onderrig en beraad; ons moet goeddoen aan mekaar; ons moet mekaar help om God se stem beter te hoor; ons moet vir mekaar bid en mekaar bedien.

4. Ons moet mekaar vertrou en respekteer

Dit doen ons as ons mekaar se uniekheid eer en respekteer; waar ons weier om mekaar te veroordeel; waar ons sensitief is vir mekaar se behoeftes; waar ons gedurig soek na ’n middeweg en hoe om vrede tussen ons te behou, sodat ons nie verval in allerlei hewige argumente nie; waar ons die waarheid bedien aan mekaar; waar ons mekaar onvoorwaardelik vergewe; waar ons meegevoel en empatie met mekaar het.

## Dag 32 – Wat is liefde regtig en hoe is dit om regtig lief te hê?

Daar waar ons eerlik met mekaar gesels oor dit wat die Bybel bedoel as daar staan dat ek en jy, as volgelinge van Jesus, geroep is om mense lief te hê soos Jesus mense liefhet, dan moet ons teenoor mekaar erken hoe dikwels ons hierin faal. Ons is immers steeds op aarde en God is steeds met ons besig.

Daarom gaan ons telkens ons momente hê van swakheid, of mislukking, asook areas waar daar duidelik nog ruimte is vir verdere groei.

Deel van ons volg van Jesus is om Hom toe te laat om hierdie proses te voltooi sodat om Hom en ander lief te hê met ons gees, verstand, hart en al ons kragte die resultate daarvan sal wees. Dit is wat nodig is om voltooide, volwasse volgelinge van Jesus te wees.

Jesus mag wel die enigste mens ooit op aarde wees wat hierdie perfekte liefdesintegrasie in al sy dimensies sigbaar aan ons kom illustreer het. Tog is ons elkeen geroep om Hom ook hierin "na te volg" sodat "Sy Beeld" en voorbeeld ook hierin in ons lewe meer meer meer sigbaar sal word.

Ons het ook reeds vir mekaar gesê dat dit net prakties moontlik is waar ons die beheer in ons lewe aan die Heilige Gees in ons gaan oorgee en Hom gaan toelaat om die lewe van Jesus in en deur ons te lewe. Dan kan en sal ons mense kan liefhê "soos Jesus".

Baie prakties, glo ek, gaan dit in ons lewe van elke dag, bepaalde uitkomste hê.

Soos …

- Jy kan jou vrese en angste oorkom (wat in ons "hart" vasgevang was) deur prakties in gebed meer tyd aan die voete van Jesus deur te bring sodat Hy jou kan leer om Hom dieper en meer volledig te vertrou.
- Jy gaan 'n dieper dankbaarheid gevoel begin beleef oor alles wat in jou lewe gebeur as jy werklik toelaat dat God se waarheid, genade en heiligheid jou gedagtes begin verander.
- Jy kan jouself en ander opreg begin vergewe, met 'n gevoel van vrede in jou "hart", waar jy begin waag om genesende woorde en liefdevolle optrede teenoor daardie betrokkenes te bedien.
- Jy gaan werklik prakties leer wat geloof beteken, waar jy die Heilige Gees toelaat om jou manier van dink te verander.
- Jy gaan die Bybel werklik korrek begin verstaan (wat daar in jou gedagtes plaasvind) as jy ook ook God se Woord toelaat om ook jou persoonlike lewe en optrede te beïnvloed (jou liggaam en jou "kragte" dus).
- In die proses gaan jy God se wil beter leer ken (wat daar in jou gedagtes begin plaasvind) as jy Sy liefde meer en meer as 'n werklikheid beleef (wat daar in "jou hart" gaan gebeur).
- Jy gaan werklik sondevergifnis ervaar (wat al vier dimensies gaan insluit) as jou hart breek en jou manier van dink verander en jy commit om anders voortaan op te tree, omdat jy net weer gekies het dat God se Gees jou hele lewe sal beheer en lei.

Midde hierdie transformasieprosesse begin jy ook verstaan dat hierdie proses van verandering nooit in ons lewe op aarde heeltemal klaar gaan wees nie. Dit gaan en moet net aanhou en aanhou, as deel van God se Gees se heiligmakingswerk in ons lewe.

- So gaan ek net elke dag meer en meer leer vertrou op God.
- So gaan ek leer wat dit werklik beteken om in Hom te glo.
- So gaan ek leer om ander mense te aanvaar en lief te hê vir wie hulle is en leer om hulle in liefde te bedien, sonder om noodwendig iets terug te wil ontvang nie.

Hoe het Hendri Nouwen gesê: Die lewe is ’n kort geleentheid vir ons om vir God te vertel hoe lief ons Hom het. En dit is nie net ’n vertel in woorde nie. Dit is ’n liefhê wat al vier dimensies van ons menswees insluit.

As ons mekaar sou vra: Hoe lyk dit werklik as hierdie transformasieproses voltooi is in ’n volgeling van Jesus se lewe?, kan ons seker baie ingewikkelde antwoorde aan mekaar gee. Ja, kan ons wees soos die Fariseërs in die Judaïsme, wat allerlei detail reëls en routines vir mekaar neerlê as voorvereistes.

Maar God beskryf dit baie eenvoudig in Sy Woord as: om God boweal lief te hê met alles wat jy is en om mense op dieselfde manier lief te hê as wat jy graag wil hê hulle moet jou liefhê.

Anders gesê: waar ons God se Gees toelaat om ons lewe te beheer, gaan Hy ons in die eerste instansie help fokus op God, op Jesus en Hom alleen. Sodat alles … alles … vir ons net oor Hom gaan.

En om dan te ontdek dat dit, noodwendig, ook sal uitloop en sigbaar word in die manier hoe ons die mense om ons in liefde behandel en ervaar.

## Dag 33 – Om onder die beheer van die Gees lief te hê

Luister hoe beskryf God dan die somtotaal en eindbestemming van hierdie transformasieproses in my en jou lewe.

Hy beskryf dit eenvoudig as om God boweal lief te hê met alles wat jy is, en om mense op dieselfde manier lief te hê.

Miskien moet ons daarom seker in ʼn bietjie meer in detail gesels oor die vraag: Maar hoe en wat is liefde? Hoe lyk dit as ʼn mens werklik liefhet?

Dan is die twee Bybel gedeeltes wat onmiddellik by ʼn mens opkom, 1 Kor. 13 en Gal. 5.

1 Kor. 13 kan seker as die "hoofstuk oor die liefde" beskryf word, terwyl Gal. 5 as die gedeelte oor die "vrug van die Gees" beskryf kan word.

Wat my help om 1 Kor. 13 beter te verstaan in die verband, is om dit wat in negatiewe terme daar geskryf staan, in positiewe terme te vertaal.

As jy dit doen, staan daar dan dat liefde is… om vriendelik te wees; nie jaloers te wees nie; nederig te wees; eerbiedig teenoor ander te wees; akkommoderend te wees; vredeliewend te wees; bereid te wees om te vergewe; goed te wees; nie op te gee/op te hou nie; getrou te wees; en hoopvol te wees.

Kyk ons na Gal. 5, dan sien ons dat ons dit beteken … om lief te hê; vreugde te beleef; vrede te beleef; geduldig te wees; vriendelik te wees; goedhartig te wees; getrou te wees; nederig te wees; sélf gedissiplineerd te wees; nie jaloers te wees nie; bereid te wees om te vergewe; en deur die Gees-gelei te wees.

Dit is duidelik dat al hierdie eienskappe karaktereienskappe beskryf, wat dan in ʼn bepaalde manier van optrede uitmond.

Lyk vir my verder dat Gal. 5:25 van kardinale belang is in ons verstaan van wat ware Bybelse liefde werklik beteken en behels.

Daar staan: "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."

Met ander woorde, waar ons die leiding van die Gees volg in elke deeltjie en aspek van ons lewe, gaan ons hierdie geïntegreerde liefde in ons hele menswees sien ontwikkel.

Hierdie gedeelte in Galasiërs leer vir ons dat ons dit nie uit ons eie en uit ons eie krag kan doen nie. Dit kan en sal net gebeur waar ons God se Gees ruimte gee om Sy werk in ons lewe te doen. Waar ons, dus, tyd maak om na Sy stem te luister en dan gaan doen wat Hy sê ons moet doen.

Alles begin dus maar weer daar waar ons kies… en weer en weer kies … om God en Sy Woord aan ons te glo en dit te onvoorwaardelik te vertrou en te gehoorsaam.

Dit is soos Heb. 11 sê: hierdie soort geloof gee vir ons die vertroue om aan te gaan en aan te hou, al is daar geen "harde getuienis" waaraan ons kan vasklou of wat ons kan sien of aan kan vat rondom

ons nie. Ons kies om te glo en te vertrou bloot omdat ons glo en vertrou God het ons lief, omdat Hy oor en oor aan ons gedemonstreer het hoe lief Hy ons werklik het. Hy het hierdie onberispelike rekord. En dit gee my die moed en vertroue om Hom weer en weer te vertrou en Sy Woord aan my te glo.

Natuurlik vereis dit dat ek Sy Woord aan my sal ken, en weer en weer sal lees en bestudeer. Anders, waaraan gaan ek vashou? Waarop gaan ek vertrou en wat gaan ek glo, as ek nie weet wat in die Woord staan nie?

Ek het dus werklik ingeligte geloof nodig om hierdie pad van ware vertroue en Bybelse geloof te loop en om te leer liefhê soos in God se hart vir my is.

Ons moet dus studente van die Woord word sodat Hy tyd kan hê om ons hart met Sy hart en Sy wil vir ons lewens te sinkroniseer.

Dit beteken dus ook dat ek heeltyd bedag en sensitief sal wees vir tekens van Sy teenwoordigheid en sensitief sal wees vir Sy stem en Sy hand in my en in ander se lewens.

Maar dit vra ook iets anders. Dit vra daardie keuse om, kom wat wil, Hom te gehoorsaam. En dit is nie soseer om Hom te gehoorsaam omdat ek so voel nie, maar eerder omdat iets in my gees gebeur het, het ek gekies om Hom te gehoorsaam.

Dit is dan ook baie keer hoe liefde en liefdevolle optrede teenoor God en teenoor ander in my begin. Dit begin by hierdie “stemmetjie hierbinne”, Sy Gees in my, wat my begin aanspoor om iets spesifiek te doen, wat as “om God lief te hê”, of “om ’n medemens in daardie situasie lief te hê”, beskryf kan word.

Een van die maniere hoe God my liefdevolle optrede teenoor ander begin verfyn het tot in die eenvoudigste van eenvoudige dinge, was die dag toe ek daar in Rom. 13:8 gelees het dat ons “niemand iets verskuldig moet wees nie … behalwe om hulle lief te hê.”

Ek het besef dat om iets van Jesus in my lewe te laat sigbaar word, moet ek optree en doen wat Jesus in hierdie spesifieke situasie sou gedoen het. En daarvoor moet ek fyn ingestel wees op Sy stem en die Gees van God se leiding in my lewe in daardie spesifieke situasie.

## Dag 34 – Om God en my naaste ook emosioneel te leer liefkry

Die meeste van ons is nie eintlik baie "sterk" as dit kom by emosionele dinge en emosies wys nie. Ons is meer rasioneel ingesteld.

Daarom was dit nogal vir my 'n ervaring om ontdek dat die Here besig is om my hart so te verander dat ek ook iets van Sy liefde en my liefde vir Hom, maar ook my liefde vir ander 'n emosionele ding te maak. Om werklik lief te hê, het baie beslis ook 'n emosionele kant.

Al die jare was om God lief te hê vir my hierdie verstands-ding. Ek het gekies om God lief te hê boweal. Groot was my verbasing toe ek iets daarvan ook fisies en op emosionele vlak begin beleef het. Soos wat my liefde vir my vrou baie beslis ook emosioneel van aard is, het my liefde vir God en ook God se liefde vir my iets geword wat ek sekere tye ook baie sterk emosioneel begin beleef het.

Ek het byvoorbeeld begin beleef hoe die wete en ervaring dat God my liefhet 'n vreesloosheid en 'n onverstaanbare kalmte en sekerheid by my bewerk het. Die wete en ervaring dat Hy my werklik liefhet en getrou is aan Sy beloftes aan my, het hierdie merkwaardige vrede (wat alle verstand te bowe gaan, beskryf Paulus dit daar in Fil. 4) in my bewerk.

Vreugde, of in die Engels "joy", is nog iets wat ek op emosionele vlak begin beleef het.

Ek het, om die een of ander rede, vreugde en "geluk" met mekaar verwar en gelykgestel. Met ander woorde, as ek nie gelukkig gevoel het oor bepaalde dinge wat gebeur of oor wat mense gesê het nie, het dit vir my gevoel my "vreugde" is weg.

Ek het die afgelope tyd geleer dit is nie so nie. Vreugde is 'n baie dieper emosie, wat op 'n heeltemal ander vlak lê. Dit het niks te make met of ek gelukkig voel oor dinge wat gebeur of wat mense sê nie. Vreugde is 'n dieper gevoel van welwese wat ek beleef omdat ek intens bewus geword het van God se teenwoordigheid en getroue en genadige besig-wees met my, soms baie keer, ten spyte van my omstandighede of wat werklik rondom my aan die gang was.

Hoeveel keer was dit nie juis daardie wete en ervaring van veilig-op-die-handpalm-sit van die lewende God wat my hierdie gevoel en ervaring van ware vreugde laat beleef het nie!

Natuurlik het dit ook alles te make met daardie nuwe en dieper ervaring van vrede wat ek begin beleef het, juis om dieselfde redes. Juis omdat ek God se liefde as hierdie muur van beskerming om my en my lewe beleef het, het dit my tot rus gebring en gehelp om terug te leun in die wete ek kan Hom vertrou in hierdie situasie. En dit het hierdie totale vrede, op alle vlakke, in my bewerk.

Selfs my liefde vir ander mense het verdiep in die mate wat ek God se onvoorwaardelike liefde vir my as 'n beleef-bare, ervaar-bare werklikheid begin beleef het.

Ek het begin ontdek dat ek skielik meer geduldig met mense en al hulle dinge begin word. Ek het, in plaas daarvan om my blind te staar teen al hulle bagasie en wat verkeerd is, begin fokus daarop wat God reeds in hulle lewens gedoen en reggemaak het, asook die potensiaal vir verdere verbetering wat daar was, wat 'n verdieping van werklike emosionele lief-wees vir hulle in my, tot my verbasing, begin bewerk het.

In werklikheid weet ek, dat dit alles in ’n sin terugkom na geloof toe, want sonder daardie vertroue en vashou aan God en wie Hy is en wat Hy gesê en belowe het, weet ek is hierdie soort beleef-bare lief-hê en lief-wees nie moontlik nie.

Dink maar net ’n slag oor daardie opdrag van Jesus aan ons as Sy volgelinge om “ons vyande” ook lief te hê.

Gee ’n slag jou “vyand” ’n naam. Miskien is dit die baas by die werk, of dalk beleef jy die regering van die dag as ’n “vyand”. Miskien is dit ’n besigheids vennoot of goeie vriend, wat jy beleef het jou skielik in die rug gesteek het.

Luister wat sê ons Here vir ons oor ons optrede teenoor hierdie mense daar in Rom. 12:17-21: “Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense.

As dit moontlik is, sovêr dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: ‘Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld,’ sê die Here.

As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.

Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”

1 Tess. 5:15 gaan vêrder en sê: “Sorg dat niemand ‘n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.”

In die woorde van Mat. 5:44,45: “Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.”

Ek het begin bid dat die Here daardie “vyande” van my begin seën.  Ek het begin bid dat die Here hierbinne in my die koudheid teenoor daardie mense sal vervang met ’n warmte en ’n liefde vir hulle, soos dit wat Hy vir hulle beleef.

Natuurlik het dit nie onmiddellik gebeur nie. Maar dit het begin gebeur.  Dit is deel van hierdie transformasieproses wat in my tans aan die gang is.

Ek het ook, soos Jesus so dikwels hier op aarde beleef het, begin beleef dat om lief te hê pyn en lyding beteken.

Maar ook dat ware liefhê ’n stuk genesing bring, want dit verlos ons van seer uit die verlede en van woede, gevoelens van verwerping en betekenisloosheid.

Om werklik te leer liefkry, moet God jou hart in lyn bring en sinkroniseer met Sy hart en Sy manier van kyk en dink en voel oor ander.

## Dag 35 – Die roeping van die vyfvoudige bediening in die verband

Waar die geestelike leierskap in die Liggaam van Jesus akkoord daarmee gaan dat Skrifgedeeltes soos Ef. 4:11 tot 16 werklik ons roeping beskryf teenoor die volgelinge van Jesus in ons gemeentes, moet ons werklik erns maak met wat hier ook staan oor totale lewe-transformasie waaroor ons vir soveel weke reeds gesels.

Kom ons luister net weer na wat hier in Ef. 4 staan:

"Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk.

Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou. So sal ons uiteindelik almal deur geloof en deurdat ons die Seun van God ken, 'n eenheid vorm, 'n volmaakte mens, wat aan die standaard van Christus se volmaaktheid voldoen. Dan, as mense ons met slinksheid en slimstreke op verkeerde paaie wil lei, sal ons nie meer soos klein kindertjies wees nie. Ons sal nie meer omgewaai of weggewaai word deur die wind van elke ding wat hulle verkondig nie. Nee, terwyl ons mekaar liefhet, sal ons by die waarheid bly en so in alle opsigte groei om soos Christus te wees. Dit werk so: Christus is die Hoof. Onder leiding van die Hoof is die liggaam goed aanmekaargesit. Al die ondersteunende ligamente hou die liggaam bymekaar. Elke liggaamsdeel vervul sy bestemde funksie, en so, deur liefde te bewys, bou die liggaam homself op." (NLV)

Gesels jy met geestelike leiers oor wat dit prakties beteken binne die gemeente of familie van Jesus, sal die meeste saamstem dat dit beteken dat waar ons as gelowiges saam is, ons ten minste 6 dinge daar saamdoen, naamlik:

- ons aanbid die Here daar;
- ons rus mekaar daar toe om effektiewe getuies te wees van die Evangelieboodskap;
- ons rus mekaar toe en leer mekaar om werklik prakties ons geloof uit te leef;
- ons bedien mekaar daar met die gawes van die Gees
- ons leer mekaar om verantwoordelike bestuurders van God se goed in hierdie wêreld te wees;
- en ons skep daar vir mekaar 'n liefdevolle en ondersteunende gelowige familie volgelinge van Jesus.

Maar as ons erns maak met wat ons die afgelope maande vir mekaar gesê het oor hierdie transformasieproses wat in elkeen van ons lewens moet gebeur vir God se Koninkryk om werklik in en rondom ons te kom, dan kan ons nie besig bly met hierdie basiese ABC-dinge nie. Dan moet ons vir mekaar sê: daar is meer.

Neem nou maar bv. 'n saak soos aanbidding. Ons moet mekaar leer dat aanbidding nie net iets is wat ons saam met ander gelowiges een of twee maal 'n week doen waar 'n musiek- of aanbiddingsgroep ons voorgaan nie.

Nee, dan moet ons mekaar herinner daaraan dat aanbidding 'n lewenswyse behoort te wees. As ons meer en meer God se teenwoordigheid en Persoon in en rondom ons ontdek en leer om heeltyd en heeldag met Hom te kommunikeer, gaan aanbidding deel word van hierdie heeldag intieme

liefdesverhouding en liefdes kommunikasie met ’n lewende God in elkeen van ons se persoonlike lewens, maar ook waar ons dan soms saam bymekaar is.

Ons kan nie net gelowiges leer hoe om oor die Evangelie teenoor ander te getuig en hulle leer hoe om met ’n kort gebed hulle lewens vir Jesus daarna te gee nie. Daar is immers meer aan ware Bybelse evangelisering. Om mense Bybels te evangeliseer, moet ons erns maak met die sonde in mense se lewens en met die noodsaak om prakties as dissipels elke dag ’n heilige lewe te leef as teken en vrug van ware bekering. Dit is immers net so ’n deel van die volle Evangelieboodskap.

As ons nadink oor die hele proses van dissipelskap binne hierdie hele transformasieproses, moet ons mekaar daaraan herinner dat mense se lewens nie verander word deur net meer kennis en inligting aan hulle te bedien nie. Lewensverandering word gemoduleer en daarvoor is een-tot-een-en kleingroep-verhoudinge nodig.

Ons moet mekaar ook verder daaraan herinner dat programme nie mense kan verander nie. Net God kan. Daarom is dit so belangrik om so gou moontlik te begin met mense. Die mees betekenisvolle tyd in mense se lewens vir totale lewens transformasie is daardie eerste sewe jaar van hulle lewe reeds as kind en dan miskien nog daardie volgende 4 jaar tot hulle 11 jaar oud is.

Ten minste sal ons weer mense moet leer om God se stem te hoor en te herken tussen die verskillende stemme en dan te leer om dit onvoorwaardelik te gehoorsaam. Dan kan God self deur Sy Gees hulle begin lei hoe om ook Sy goed in hulle lewens verantwoordelik te gebruik in diens van die koms van God se Koninkryk op aarde.

En dan kan Hy hulle self begin lei met Sy stem om in Sy Naam mense te bedien op allerlei maniere, deur die vloei en bediening van die gawes van die Gees, met Sy liefde, genesing, verlossing, genade, ens.

Waar dit begin gebeur, verander gemeenskappe.

En daar is ruimte vir ware, volwasse geestelike leiers om op te staan sodat ander hulle kan herken aan hulle salwing en bonatuurlike toerusting waarmee God self deur hulle werk.

Op hierdie manier kan die volledige proses van lewens transformasie in elkeen van ons as volgelinge van Jesus sy volle pad loop. Alleen so kan God se koninkryk kom en Sy wil geskied, sodat Hy werklik na behore verheerlik kan word deur wat onder ons gebeur as Sy kinders.

Mag dit ook in jou lewe en rondom jou waar word.